

BIBLIOTERAPIE MET DIE BEJAARDE - 'N EMPIRIESE
ONDERSOEK AAN DIE HAND VAN ENKELE
GEVALLESTUDIES

Mariette van der Walt

Skripsie goedgekeur as gedeltelike nakoming van die
vereistes vir die graad

MAGISTER BIBLIOTHECOLOGIAE

In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

aan die

Potchefstroomse Universiteit

vir

Christelike Hoër Onderwys

Studieleier : Professor C A Lohann

Potchefstroom
November 1990

VOORWOORD

Met ootmoed, en nederigheid my dank aan die Skepper. Sonder Sy genade sou die werk nie moontlik wees nie.

My dank en waardering aan die volgende persone:

My man Louw en kinders Martin en Johann vir hul begrip en verdraagsaamheid.

My studieleier, Professor C A Lohann, vir sy gewaardeerde belangstelling, waardevolle leiding en objektiewe benadering.

My ouers, skoonmoeder en familie vir hul onderskraging.

My suster, Janita, vir die taalversorging en raad.

Marianne Haefeles vir haar kosbare tyd en geduld met die druk van die skripsie.

Louis Botha, Hester Olivier en Sandra Hewes vir al die begrip en waardevolle inligting wat verskaf is.

Die personeel en inwoners van Rusoord tehuis vir bejaardes vir hul samewerking.

M van der Walt

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN DOEL VAN DIE STUDIE	1
1.1 Algemene probleemstelling	1
1.2 Hipoteses	1
1.3 Motivering vir die studie en navorsingstand	2
1.4 Begripsomskrywing	2
1.4.1 Bejaarde	2
1.4.2 Biblioterapie	2
1.4.3 Biblioterapetiese leesstof	2
1.4.4 Eensaamheid	3
1.4.5 Nie-verbale kommunikasie	3
1.4.6 Selflees	3
1.4.7 Selfstandig lees	3
1.4.8 Sessies	3
1.4.9 Sittings	4
1.4.10 Verbale kommunikasie	4
1.4.11 Voorlees	4
1.5 Terreinafbakening	4
1.6 Metode van studie	5
1.6.1 Literatuurstudie	5
1.6.2 Metodiese seleksie van materiaal	5
1.6.3 Empiriese metode	5
1.6.4 Analitiese metode	6
1.6.5 Onderhoudvoering	6
1.7 Indeling van die verslag	6
HOOFSTUK 2	8
DIE BEJAARDE EN SY PROBLEME	8
2.1 Inleiding	8
2.2 Eensaamheid - 'n spesifieke probleem by die bejaarde	8
2.3 Samevatting	9
2.4 Faktore wat tot eensaamheid lei	10
2.4.1 Behoeftes en probleme	10
2.4.1.1 Kommunikasie	11
2.4.1.2 Sekuriteit	11
2.4.1.2.1. Finansiële onafhanklikheid	11
2.4.1.2.2 Geskikte behuising	12
2.4.1.2.3 Emosionele sekuriteit	13
2.4.1.3 Fisieke en geestesgesondheid	14
2.4.1.4 Betrokkenheid by gemeenskapslewe	14
2.4.1.5 Alkoholisme em dwelmverslawing	15
2.4.2 Werksomstandighede	16
2.4.3 Kulturele gapings	16
2.4.4 Persoonlikheid	16
2.5 Samevatting	16
2.6 Soorte eensaamheid [Gaev, 1976:7-11].....	17
2.6.1 Eksistensiële eensaamheid	17

2.6.2	Patologiese eensaamheid	17
2.6.3	Eensaamheid van innerlike self	17
2.6.4	Fisiese eensaamheid	17
2.6.5	Emosionele eensaamheid	18
2.6.6	Sosiale eensaamheid	18
2.6.7	Geestelike eensaamheid	18
2.7	Stadia van eensaamheid	18
2.8	Samevatting	20
HOOFSTUK 3	22
LEKTUUR VIR DIE BEJAARDE MET INAGNEMING VAN SY	
PROBLEME	22
3.1	Inleiding	22
3.1.1	Kriteria by die keuse van die lektuur vir biblioterapie met die bejaarde.....	22
3.1.1.1	Die beleid van die Provinsiale biblioteekdiens, in die vier provinsies, ten opsigte van lektuurvoorsiening vir die bejaarde	22
3.1.1.1.1	Natal	22
3.1.1.1.2	Oranje Vrystaat	23
3.1.1.1.3	Kaap	23
3.1.1.1.4	Transvaal	24
3.1.1.2	Die betrokkenheid van die openbare biblioteek by die voorsiening van geskikte lektuur aan die hand van enkele voorbeelde	24
3.1.1.2.1	Potchefstroomse Openbare Biblioteek	24
3.1.1.2.2	Klerksdorpse Openbare Biblioteek	25
3.1.1.2.3	Verwoerdburgse Openbare Biblioteek	25
3.1.1.3	Die beleid van uitgewers ten opsigte van geskikte lektuur vir die bejaarde aan die hand van enkele voorbeelde	26
3.1.1.3.1	Van Schaik	26
3.1.1.3.2	J. P. van der Walt	27
3.1.1.3.3	Perskor	27
3.1.1.3.4	HAUM	27
3.1.1.3.5	Daan Retief	27
3.1.1.4	Die bejaarde en sy lektuur	28
3.1.1.4.1	Leessaak	28
3.1.1.4.1.1	Verhalend	28
3.1.1.4.1.2	Vakliteratuur	29
3.1.1.4.2	Leesvermoë	29
3.1.1.4.2.1	Fisiese gesondheid	29
3.1.1.4.2.2	Verstandelike vermoëns	29
3.1.1.4.2.3	Psigiese gesteldheid	29
3.1.1.5	Die fisiese voorkoms van die lektuur.....	30
3.1.1.5.1	Drukwerk	30
3.2	Motivering vir die keuse van lektuur.....	30

3.2.1	Kriteria vir die keuse van lektuur word op drie verskillende lees-situasies gebaseer, naamlik 'n selfstandige leessituasie, voorlees-situasie en selfleessituasie.	30
3.2.1.1	Kriteria vir die keuse van lektuur word met verwysing na die bogenoemde situasies soos volg gemotiveer	30
3.2.1.1.1	Gewilde lektuur in 'n selfstandige leessituasie	30
3.2.1.1.2	Moontlik gewilde lektuur in 'n voorlees-situasie (a) en 'n selfleessituasie (b)...	31
3.2.2	In teenstelling met die selfstandige leessituasie hou die self- en voorlees-situasie spesifieke beperkings in, soos:	31
3.2.2.1	Inhoudelike beperkings van die lektuur	31
3.2.3	Die seleksie van die lektuur word soos volg getabuleer	33
3.3	Inhoud van boeke en relevansie daarvan vir die bejaarde	33
3.3.1	Romans en langverhale	34
3.3.1.1	Titel : Brood en klip	34
3.3.1.1.1	Inhoud	34
3.3.1.1.2	Relevansie van die inhoud vir die bejaarde	34
3.3.1.2	Titel : Twee paaië	35
3.3.1.2.1	Inhoud	35
3.3.1.2.2	Relevansie van die inhoud vir die bejaarde	35
3.3.1.3	Titel : Uit juffrou se dagboek	36
3.3.1.3.1	Inhoud	36
3.3.1.3.2	Relevansie van die inhoud vir die bejaarde	36
3.3.1.4	Titel : Van eensame mense	37
3.3.1.4.1	Inhoud	37
3.3.1.4.2	Relevansie van die inhoud vir die bejaarde	37
3.3.2	Sketse en kortverhale	38
3.3.2.1	Titel : Die vrou op die skuit en ander verhale	38
3.3.2.1.1	Blommetjies vir Bella	38
3.3.2.1.1.1	Inhoud	38
3.3.2.1.1.2	Relevansie van die inhoud vir die bejaarde	38
3.3.2.2	Titel : Ek en my kinders	39
3.3.2.2.1	Inhoud	39
3.3.2.2.2	Relevansie van die inhoud vir die bejaarde	39
3.3.2.3	Titel : Hoogtepunte	39

3.3.2.3.1	Die joiner - J. van Melle	40
3.3.2.3.1.1	Inhoud	40
3.3.2.3.1.2	Relevansie van die inhoud vir die bejaarde	40
3.3.2.3.2	Werstaking by die kleigat - Toon van den Heever	40
3.3.2.3.2.1	Inhoud	40
3.3.2.3.2.2	Relevansie van die inhoud vir die bejaarde	40
3.3.2.4	Titel : Oupa wil bemin en ander verhale	41
3.3.2.4.1	Oupa wil bemin	41
3.3.2.4.1.1	Inhoud	41
3.3.2.4.1.2	Relevansie van die inhoud vir die bejaarde	41
3.3.2.4.2	Die liefde kry 'n stootjie	42
3.3.2.4.2.1	Inhoud	42
3.3.2.4.2.2	Relevansie van die inhoud vir die bejaarde	42
3.3.2.4.3	Sy belofte	43
3.3.2.4.3.1	Inhoud	43
3.3.2.4.3.2	Relevansie van die inhoud vir die bejaarde	43
3.4	Samevatting	44
HOOFSTUK 4	45
BIBLIOTERAPIE SOOS PRAKTIES TOEGEPAS OP DIE BEJAARDE AAN DIE HAND VAN DIE GEKOSE LEKTUUR		45
4.1	Inleiding	45
4.2	Fisiese seleksie van die teikengroep.....	45
4.2.3	Algemene voorwaardes vir die keuse van bejaardes	45
4.2.4	Die teikengroep	46
4.3	Fisiese beskrywing van die teikengroep.	47
4.4	Dokumentasie : Metodologie en tyds- indeling	47
4.5	Opvoeding, opleiding en sosiale agter- grond van die teikengroep	49
4.5.1	Bejaarde A	49
4.5.2	Bejaarde B	49
4.5.3	Bejaarde C	50
4.5.4	Bejaarde D	50
4.6	Leesbelangstellings van die bejaardes en boekkeuse met inagneming van eersgenoemde	50
4.6.1	Bejaardes A en B	50
4.6.2	Bejaarde C	51
4.6.3	Bejaarde D	51
4.7	Praktiese uitvoering van biblioterapie....	52
4.7.1	Sessies en sittings	52
4.7.1.1	Sessie 1: Oupa wil bemin en ander verhale	52

4.7.1.1.1	Sitting 1: Oupa wil bemin	52
4.7.1.1.1.1	Bejaarde A - spesifieke reaksies	52
4.7.1.1.1.2	Bevindinge	53
4.7.1.1.2	Sitting 2 : Die liefde kry 'n stootjie....	53
4.7.1.1.2.1	Bejaarde A - spesifieke reaksies.....	53
4.7.1.1.2.2	Bevindinge	53
4.7.1.1.3	Sitting 3 : 'n Belofte is 'n belofte	54
4.7.1.1.3.1	Bejaarde A - spesifieke reaksies.....	54
4.7.1.1.3.2	Bevindinge	54
4.7.1.2	Sessie 2: Hoogtepunte	55
4.7.1.2.1	Sitting 1: Die joiner	55
4.7.1.2.1.1	Bejaarde A - spesifieke reaksies.....	55
4.7.1.2.1.2	Bevindinge	55
4.7.1.2.2	Sitting 2: Werkstaking by die kleigat....	55
4.7.1.2.2.1	Bejaarde A - spesifieke reaksies	55
4.7.1.2.2.2	Bevindinge	56
4.7.1.3	Sessie 1: Oupa wil bemin en ander verhale	56
4.7.1.3.1	Sitting 1: Oupa wil bemin	56
4.7.1.3.1.1	Bejaarde B - spesifieke reaksies	56
4.7.1.3.1.2	Bevindinge	57
4.7.1.3.2	Sitting 2: Die liefde kry 'n stootjie ...	57
4.7.1.3.2.1	Bejaarde B - spesifieke reaksies	57
4.7.1.3.2.2	Bevindinge	58
4.7.1.3.3	Sitting 3: 'n Belofte is 'n belofte	58
4.7.1.3.3.1	Bejaarde B - spesifieke reaksies	58
4.7.1.3.3.2	Bevindinge	58
4.7.1.4	Sessie 2: Hoogtepunte	59
4.7.1.4.1	Sitting 1: Die joiner	59
4.7.1.4.1.1	Bejaarde B - spesifieke reaksies	59
4.7.1.4.1.2	Bevindinge	59
4.7.1.4.2	Sitting 2: Werkstaking by die kleigat ...	60
4.7.1.4.2.1	Bejaarde B - spesifieke reaksies	60
4.7.1.4.2.2	Bevindinge	60
4.7.1.5	Sessie 1: Ek en my kinders	61
4.7.1.5.1	Sitting 1: Vyf is te veel	61
4.7.1.5.1.1	Bejaarde C - spesifieke reaksies	61
4.7.1.5.1.2	Bevindinge	61
4.7.1.5.2	Sitting 2: Ouma Blommetjie	61
4.7.1.5.2.1	Bejaarde C - spesifieke reaksies	61
4.7.1.5.2.2	Bevindinge	62
4.7.1.5.3	Sitting 3: Ma gaan skool	62
4.7.1.5.3.1	Bejaarde C - spesifieke reaksies	62
4.7.1.5.3.2	Bevindinge	63
4.7.1.5.4	Sitting 4: Ma kry 'n skiet	63
4.7.1.5.4.1	Bejaarde C - spesifieke reaksies	63
4.7.1.5.4.2	Bevindinge	64
4.7.1.5.5	Sitting 5: Stiefma sê les op	64
4.7.1.5.5.1	Bejaarde C - spesifieke reaksies	64
4.7.1.5.5.2	Bevindinge	64
4.7.1.5.6	Sitting 6: Dokka en die doekkombers	65

4.7.1.5.6.1	Bejaarde C - spesifieke reaksies	65
4.7.1.5.6.2	Bevindinge	65
4.7.1.6	Sessie 2: Vrou op die skuit	66
4.7.1.6.1	Sitting 1: Blommetjies vir Bella	66
4.7.1.6.1.1	Bejaarde C - spesifieke reaksies	66
4.7.1.6.1.2	Bevindinge	66
4.7.1.7	Sessie 1: Vrou op die skuit	67
4.7.1.7.1	Sitting 1: Blommetjies vir Bella	67
4.7.1.7.1.1	Bejaarde D - spesifieke reaksies	67
4.7.1.7.1.2	Bevindinge	67
4.7.1.8	Sessie 2: Uit juffrou se dagboek	67
4.7.1.8.1	Sitting 1 - 12	68
4.7.1.8.1.1	Bejaarde D - spesifieke reaksies	68
4.7.1.8.1.2	Bevindinge	69
4.8	Samevatting	69
HOOFSTUK 5	71
BEVINDINGE EN AANBEVELINGS	71
5.1	Inleiding	71
5.2	Behoeftes en probleme	71
5.2.1	Kommunikasie	71
5.2.1.1	Bevindinge	71
5.2.1.2	Aanbevelings	72
5.2.2	Sekuriteit	72
5.2.2.1	Bevindinge	72
5.2.2.2	Aanbevelings	72
5.2.3	Fisiese gesondheid	73
5.2.3.1	Bevindinge	73
5.2.3.2	Aanbevelings	73
5.2.4	Psigiese gesondheid	73
5.2.4.1	Bevindinge en aanbevelings	73
5.2.5	Betrokkenheid by die gemeenskap	74
5.2.5.1	Bevindinge	74
5.2.5.2	Aanbevelings	74
5.2.6	Persoonlikheid	74
5.2.6.1	Bevindinge	74
5.2.6.2	Aanbevelings	74
5.3	Seleksie van die lektuur	75
5.3.1	Bevindinge	75
5.3.2	Aanbevelings	75
5.4	Grootte van die teikengroep	75
5.4.1	Bevindinge	75
5.4.2	Aanbevelings	76
5.5	Omgewing	76
5.5.1	Bevindinge	76
5.5.2	Aanbevelings	76
5.6	Opleiding	77
5.6.1	Bevindinge	77
5.6.2	Aanbevelings	77
5.7	Tyd	77
5.7.1	Bevindinge	77
5.7.2	Aanbevelings	77

5.8	Praktiese toepassing van biblioterapie ...	78
5.8.1	Bevindinge	78
5.8.2	Aanbevelings	78
5.9	Bevindinge en aanbevelings ten opsigte. van die terapeut self	78
5.10	Bespreking van die ongestruktureerde vraelys [Sien bylaag]	78
5.10.2	Vraelys	79
5.11	Slotopmerking	81
BYLAAG	82
ABSTRACT	83
BIBLIOGRAFIE	85

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN DOEL VAN DIE STUDIE

1.1 Algemene probleemstelling

Bejaardheid is 'n algemene verskynsel en 'n toestand waaraan almal in die samelewing blootgestel word. Dit lei maklik en dikwels tot probleme soos eensaamheid, depressie en 'n swak selfbeeld, wat weer deur die volgende faktore veroorsaak word:

- 1.1.1 Die dood van 'n geliefde;
- 1.1.2 Die verhuising na 'n tehuis of ander woonplek;
- 1.1.3 Fisiese agteruitgang;
- 1.1.4 'n Gebrek aan belangstelling deur kinders en familie en
- 1.1.5 Finansiële probleme.

In die lig van bogenoemde faktore is dit essensieel en aktueel om metodes te vind om bejaardes se eensaamheid te verlig.

1.2 Hipoteses

Die doel van hierdie studie is om te bepaal of

1.2.1 bejaardes se probleme, en vir die doel van hierdie studie spesifiek eensaamheid, deur biblioterapie verlig kan word;

1.2.2 die fisiese teenwoordigheid van en die kommunikasie met die biblioterapeut 'n waardevolle bydraende faktor is tot die verligting van eensaamheid by bejaardes;

1.2.3 bejaardes se eensaamheid verlig kan word deur selflees en / of voorlees (vgl. 1.4.6 en 1.4.11 vir definisie van hierdie begrippe) deur die biblioterapeut.

1.3 Motivering vir die studie en navorsingstand

Hierdie studie is aktueel, omdat daar baie min praktiese aandag aan die groeiende sosiale probleem van eensaamheid gewy word, asook die feit dat daar tans weinig empiriese-wetenskaplike studies hieroor bestaan. Ten tyde van die literatuurstudie is daar nog geen toepaslike tydskrif-artikels in Suid-Afrika oor dié onderwerp gepubliseer nie.

1.4 Begripsomsywing

1.4.1 Bejaarde

Vir die doel van hierdie studie sluit bogenoemde begrip persone bo die ouderdom van sewentig jaar, ongeag hul fisiese toestand, in.

1.4.2 Biblioterapie

Dit is 'n proses waardeur 'n opgeleide biblioterapeut met of sonder hulp van 'n psigiater en / of ander kundiges geselekteerde leesstof aan 'n persoon / pasiënt gee of voorlees, om identifikasie met die karakter of situasie in die boek en universalisasie en insig in sy eie probleem te bewerkstellig, sodat katarsis kan plaasvind.

1.4.3 Biblioterapeutiese leesstof

Dit is die geselekteerde boekmateriaal deur 'n biblioterapeut vir die behandeling van 'n persoon se

spesifieke probleem.

1.4.4 Eensaamheid

Dit is 'n toestand van alleenheid of afsondering vanweë onvoldoende vervulling van emosionele en fisiese behoeftes, waarin 'n gebrek aan kommunikasie as 'n leemte aangevoel word.

1.4.5 Nie-verbale kommunikasie

Dit is kommunikasie sonder woorde (of spraak). Die begrip sluit glimlag, knik van die kop en enige ander gebare van belang in wat op kommunikasie dui.

1.4.6 Selflees

Dit is geselekteerde leesstof wat deur die terapeut aanbeveel word en deur die respondente self gelees word.

1.4.7 Selfstandig lees

Dit is lektuur wat bejaardes selfstandig lees; dit wil sê die lektuur word deur die bejaardes self gekies sonder enige aanbevelings of inmenging van die terapeut. Die lektuur word deur die bejaarde self gelees en laasgenoemde bepaal self die tydsduur en onderbrekings, dit wil sê daar bestaan nie 'n voorleessituasie nie en geen biblioterapie word na aanleiding van hierdie leesaktiwiteit toegepas nie.

1.4.8 Sessies

'n Sessie bestaan uit verskeie sittings. Die hoeveelheid geselekteerde sketse en kortverhale uit een betrokke boek asook die lengte van 'n lang verhaal / roman bepaal die duur van een sessie.

1.4.9 Sittings

'n Sitting is die periode van 'n spesifieke tydskuur (ongeveer 'n halfuur tot 'n driekwartuur) waartydens 'n skets, kortverhaal of deel van 'n lang verhaal / roman voorgelees word.

1.4.10 Verbale kommunikasie

Hierdie begrip verwys slegs na die respondent se mondelinge reaksie op die voorgeleeste materiaal en sluit ook hardop lag, instemmende geluide soos "mm", en uitroepe in.

1.4.11 Voorlees

Voorlees is 'n mondelinge voordrag uit 'n boek. Dit is 'n gesamentlike aktiwiteit van interaksie tussen die terapeut en die bejaarde waarvoor die fisiese teenwoordigheid van die terapeut altyd nodig is. Voorlees vind binne 'n geskeduleerde periode soos deur die terapeut bepaal, plaas.

Vir die doel van hierdie studie word, waar die woord lees voorkom, verwys na voorlees, omdat die teikengroep nie vir selflees as verligting van eensaamheid ondersoek is nie.

1.5 Terreinafbakening

Vir die doel van hierdie ondersoek word die tehuis Rusoord in Verwoerdburg betrek. Rusoord word gebruik en nie privaatwonings nie, omdat die verlangde ouderdomsgroep meestal in ouetehuse gesentreer is. Geografiese bereikbaarheid is noodsaaklik om die volgende redes:

1.5.1 Die fisiese teenwoordigheid van die terapeut op 'n gereelde basis is noodsaaklik.

1.5.2 Die empiriese studie moet oor 'n geruime tyd gedoen word, want 'n vertrouensverhouding moet met die bejaarde opgebou word.

1.6 Metode van studie

1.6.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie oor biblioterapie met die bejaarde word tydens die aanvang van die ondersoek gedoen. Boeke, verhandelings, proefskrifte en tydskrifartikels oor die onderwerp word geraadpleeg (vgl. 1.3).

1.6.2 Metodiese seleksie van materiaal

Die navorser maak 'n bepaalde seleksie van boeke wat as geskik beskou kan word vir biblioterapie na aanleiding van die volgende kriteria:

1.6.2.1 Lektuur wat selfstandig geles word, onafhanklik van die terapeut se aanbevelings. Hierdie kategorie word deur die terapeut as gewild gedefinieer.

1.6.2.2 Die inagneming van spesifieke temas en karakters wat moontlik by die bejaarde aanklank vind.

1.6.3 Empiriese metode

Die empiriese metode word aangewend om die teorie op die praktyk van toepassing te maak. In die empiriese ondersoek word op slegs enkele gevalle gekonsentreer ten einde waarnemings in fyn besonderhede te kan maak. Die praktiese toepassingsmetodes is soos volg:

1.6.3.1 Die geselekteerde materiaal word fisies voorgelees.

1.6.3.2 Die tydperk waartydens biblioterapie aangewend word, word in sessies en sittings ingedeel. Die voorlesings word oor 'n tydperk van drie maande gedoen. Daar word een sitting per week per bejaarde of groep toegelaat.

1.6.3.3 Die inligting word op twee wyses gedokumenteer:

- (i) Deur middel van notas;
- (ii) Deur middel van bandopnames. (Slegs steekproewe is gedoen. Hier het faktore soos
 - a) min verbale kommunikasie,
 - b) skoonmaaksters wat raas,
 - c) onverwagte kuiergaste en
 - d) swak akoestiek die bandopnames gekortwiek).

1.6.4 Analitiese metode

Die analitiese metode word gebruik om die doeltreffendheid van die lektuur en die fisiese noodsaaklikheid van die terapeut te bepaal. Empiriese data word geanaliseer en verwerk.

1.6.5 Onderhoudvoering

Deur middel van onderhoudvoering en 'n ongestruktureerde vraelys word ondersoek of eensaamheid by bejaardes wel deur biblioterapie verlig kan word.

1.7 Indeling van die verslag

Die verslag word in 5 hoofstukke ingedeel.

- 1.7.1 Hoofstuk 1: Inleiding, hipotesestelling, begripsomskrywing en doel van die studie.
- 1.7.2 Hoofstuk 2: Hier word veral na die probleme van bejaardes gekyk en meer spesifiek eensaamheid by die bejaarde. Die faktore wat tot eensaamheid lei is meestal gesetel in bepaalde probleme wat bejaardes as gevolg van sekere behoeftes ondervind.
- 1.7.3 Hoofstuk 3: In hierdie hoofstuk word daar op die beleid van die Provinsiale Biblioteekdienste in die vier provinsies en die beleid van enkele openbare biblioteke teenoor lektuurvoorsiening aan die bejaarde gelet. Die keuse van die boeke wat vir biblioterapie aangewend gaan word, word gemaak volgens die kriteria van gewildheid soos gedefinieer in 1.6.2.
- 1.7.4 Hoofstuk 4: 'n Empiriese studie wat bestaan uit die gestruktureerde terapie waarvoor die fisiese teenwoordigheid van die biblioterapeut noodsaaklik is.
- 1.7.5 Hoofstuk 5: Bevindinge en Aanbevelings. Hier word aangetoon of eensaamheid van bejaardes wel deur biblioterapie verlig kan word. Spesifieke aanbevelings ten opsigte van die betrokkenheid van munisipaliteite by die aanstelling van gekwalifiseerde biblioterapeute word gemaak, en hierdie soort terapie word prakties toegepas.

HOOFSTUK 2

DIE BEJAARDE EN SY PROBLEME

2.1 Inleiding

Die getal bejaardes het die afgelope dekades, veral in verhouding tot die totale bevolking in die Westerse lande, baie toegeneem (Strydom, 1973:5). So het die samelewingstruktuur ook baie verander, die klem het van wysheid en baie ervaring na produktiwiteit, aktiwiteit en prestasie verskuif. Dit is dus noodsaaklik dat die bejaarde by hierdie rolverandering moet inpas en aanpas. Toe die gemeenskapstruktuur nog landelik was, kon die bejaarde se behoeftes as deel van die groep gereken word, die individu se behoeftes is nie vooropgestel nie, en eensaamheid, isolasie en nutteloosheid is oor die algemeen nie met ouderdom geassosieer nie (Strydom, 1973:8-9).

Ouderdom en ervaring is in werklikheid bates. Die jeugdige idealisme is deur die jare getemper en besluite word makliker geneem, want die bejaarde se oordeel word deur evaring verryk.

Ouderdom is 'n normale fase van menslike ontwikkeling en vir baie bejaardes bring ouderdom spesiale elemente van geluk. Daar is meer vryetyd op hande om kinders, kleinkinders en familie te geniet. Die positiewe sy van bejaardheid is 'n gebalanseerde lewensuitkyk, maar tydens hierdie ondersoek word daar veral op die probleme met die klem op eensaamheid wat bejaardheid meebring, gelet.

2.2 Eensaamheid - 'n Spesifieke probleem by die bejaarde

Eensaamheid kan volgens Lake (1980:9) beskou word as 'n

progressiewe toestand wat die mens aantas deur middel van sy stelsel van kommunikasie.

Strydom (1978:102) haal Brearly aan: " Loneliness involves lack of companionship and has taken on additional implications of unhappiness of dissatisfaction. It has been defined as the condition of an individual who desires contact with others but is unable to achieve it. It is associated with deprivation and with isolation."

Eensaamheid is dus 'n toestand van alleenheid of afsondering waarin 'n gebrek aan kommunikasie as 'n leemte aan gevoel word.

Hierdie toestand van eensaamheid is nie net tot die bejaarde beperk nie, maar kom by alle ouderdomsgroepe voor. By die bejaarde kom dit net meer gedwonge voor, omdat 'n mens se sosiale rol en groepsinteraksie, hoe ouer 'n mens word, verminder.

Daar is 'n verskil tussen isolasie, eensaamheid en normloosheid (non-konformering). Volgens die RGN (1977:1) kan sosiale isolasie beskryf word as die afwesigheid van ander mense as 'n fisiese toestand, terwyl eensaamheid 'n psigo-sosiale toestand is waar interaksie volgens die persoon se waarneming op 'n ontoereikende vlak plaasvind. Normloosheid word gekenmerk as die toestand waar die bejaarde nie meer aktief by die normatiewe doelstellings van die gemeenskap betrokke is nie.

2.3 Samevatting

Die algemene faktore wat met die ouderdom gepaard gaan soos rolverliese, fisiese gebreke en gebrek aan sekuriteit bring

mee dat bejaardes makliker as die ander ouderdomsgroepe deur sosiale isolasie geraak word. Dit beteken dat huweliksmaats sterf en een alleen agterbly. Met aftrede word die bejaarde uit die werkgroep onttrek. Bejaardes is ook nie meer aktiewe ouerpare nie, hul rol as ouer is nou passief. Baie bejaardes pas by hierdie toestand aan. Vir ander is dit 'n traumatiese ervaring met eensaamheid as een van die belangrikste gevolge. Dit is noodsaaklik dat die bejaarde moet kan kommunikeer. Na aftrede vestig baie bejaardes hulle in tehuise of aftree-oorde. Hier word 'n nuwe vriendekring opgebou en nuwe belangstellings kom na vore. Eensaamheid bly een van die grootste probleme van die bejaarde, want fisiese gebreke lei tot minder beweeglikheid, finansiële tekortkominge veroorsaak 'n swak selfbeeld en selfs kinders en familie wat ver is, veroorsaak verlange. Eensaamheid is dikwels onvermydelik maar nie onoorkomelik nie.

Die bejaarde se sosiale waardes verander nie as gevolg van sy ouderdom nie, maar die bejaarde dra in die algemeen nie meer aktief by tot die doelstellings van die samelewing nie, grotendeels as gevolg van die algemene faktore waarmee ouderdom gepaard gaan. Bejaardes kry wel met normloosheid te make, maar die vermindering aan aktiewe geïntegreerde groepsdeelname hoef nie negatief op die bejaarde in te werk nie.

2.4 Faktore wat tot eensaamheid lei

2.4.1 Behoeftes en probleme

Dit is moeilik om tussen die behoeftes en die probleme van die bejaarde te onderskei, want in baie gevalle veroorsaak die behoefte 'n probleem en lei die een probleem tot 'n ander behoefte en omgekeerd. Volgens Strydom (1978:79)

word basiese behoeftes dwarsdeur die lewensloop van die mens aangetref. Bejaardes se behoeftes word net meer en intenser as die van jonger mense. Die faktore wat tot eensaamheid lei is meestal gesetel in bepaalde probleme wat bejaardes as gevolg van sekere behoeftes ondervind.

2.4.1.1 Kommunikasie

Kommunikasie skep bande tussen mense. Dit dra oor wat mense voel. Deur gedagtes, wense en gevoelens oor te dra, kommunikeer mense (Margow, 1988:54).

'n Gebrek aan kommunikasie word as een van die vernaamste redes vir eensaamheid beskou, omdat 'n mens ander mense nodig het om 'n verhouding te kan opbou en deur middel van kommunikasie hul ervarings te kan deel.

Volgens Lake (1980:1) berus kommunikasie op etlike spesiale vorme van menslike gedrag, soos spraak, gehoor, tassin en visie. Bejaardheid word dan ook gekenmerk deur 'n afname van een of dikwels meer van hul sintuiglike en ander fisiese vermoëns. Dit bemoeilik dus die behoeftevervulling van verhoudings met ander mense. Vir die bejaarde is veral die verhouding met vriende, familie en selfs jong mense belangrik.

2.4.1.2 Sekuriteit

2.4.1.2.1 Finansiële onafhanklikheid

Dit is noodsaaklik dat die bejaarde hom op finansiële onafhanklikheid moet voorberei (Margow, 1988:151). Ongelukkig is die meeste bejaardes finansiël swakker daaraan toe as voor hulle aftrede. Volgens 'n ondersoek

deur die Geografiedepartement van die PU vir CHO (1987:18) veroorsaak swak gesondheid meestal hoë mediese uitgawes, sodat ander belangrike behoeftes, soos gesonde kos, kommunikasiemiddele soos die telefoon en busdiens nie bekostig kan word nie. Noodsaaklike lewensmiddele moet verbeur word wat noodwendig ook die sosiale rol van die bejaarde beïnvloed. Die bejaarde ondervind nie net 'n laer inkomste as ander ouderdomsgroepe nie, maar voel dikwels eensaam, alleen en baie maal ook vergete (Strydom, 1978:79). Dit is moeilik vir die bejaarde om weer na 'n werksituasie terug te keer om sy inkomste aan te vul. Werkgewers is nie baie geneë om die bejaarde, weens sy hoë ouderdom, in diens te neem nie. Armoede speel dus 'n belangrike rol by vereensaming.

2.4.1.2.2 Geskikte behuising

Daar is talle behuisingskemas en tehuse vir bejaardes, maar tog is daar die probleem van swak behuisingsomstandighede (Strydom, 1978:80). Die bejaarde het behoefte daaraan om so lank moontlik in sy eie woonplek te bly en onafhanklik te wees, maar onvoldoende inkomste kan ook hierdie behoefte kortwiek. Verhuising kan traumaties wees. Vir die meeste is dit 'n ontwortelingsproses. 'n Bekende omgewing word verruil vir die onbekende, wat beteken dat vriende, familie en kinders agterbly.

As gevolg van die dood van 'n eggenoot, siekte of ontoereikende inkomste word die bejaarde gedwing na minder bevredigende wonings. Hulle pas moeilik in 'n vreemde omgewing aan, wat dikwels ook die verlies van onafhanklikheid beteken. Vir baie kenners is die belangrikste bestanddeel vir onafhanklikheid, huisvesting.

Al sou dit afsondering en onveiligheid meebring, beskou die bejaarde dit steeds as onafhanklikheid (Lester & Lester, 1980:36).

2.4.1.2.3 Emosionele sekuriteit

Sekuriteit beteken om veilig te voel, om erkenning van die gemeenskap te ontvang, om aanvaar te word en steeds nuttig te voel. Selfstandigheid, onafhanklikheid, eiewaarde en aanvaarding deur ander en hulself gee aan die bejaarde emosionele sekuriteit. Ekonomiese sekuriteit en bestendige huisvesting is van die belangrikste hulpmiddels waarmee selfstandigheid bereik kan word (Strydom, 1978:90). Veroudering bring onsekerheid oor die toekoms en dit is belangrik dat die bejaarde se behoeftes deur die gemeenskap erken word, want dit bring gemoedsrus en tevredenheid. Om sy eie identiteit te behou, beteken vir die bejaarde emosionele sekuriteit. Volgens Strydom (1978:91) is eensaamheid die teelaarde van aggressiwiteit, angsgevoelens en skep dit 'n hoë mate van bedreiging. Aanvaarding beteken om veroudering as 'n normale lewensfase te beskou en ook ander te aanvaar wat in dieselfde omstandighede verkeer. Aanvaarding beteken ook betrokkeheid van die bejaarde by die lewe.

Strydom (1978:98) wys ook hier op die probleem van bestaanonsekerheid wat na vore kom, as gevolg van 'n karige inkomste, geen vaste blyplek en selfs kinders wat nie bereid is om na hulle om te sien nie. Daar is 'n gebrek aan toegeneentheid en erkenning deur die gemeenskap, hulle voel in die pad en verwarring ontstaan. Bestaanonsekerheid veroorsaak depressiwiteit en frustrasie. Eensaamheid en verwaarlosing is bydraende oorsake tot die probleem wat van tyd tot tyd by bejaardes voorkom, by

sommige net minder ernstig (Strydom, 1978:98).

2.4.1.3 Fisieke en geestesgesondheid

Die bejaarde se gevoel oor sy gesondheid en sy ouderdom hou direk met mekaar verband. Hoe slegter sy gesondheid, hoe ouer beskou hy homself. Swak fisiese gesondheid lei gewoonlik tot eensaamheid, verlies van vermoë om daaglikse take te verrig en depressie, terwyl swak geestesgesondheid tot verminderde funksionele vermoë verwarring en verminderde aktiwiteite lei (PU vir CHO, 1987:13-14). Met liggaamlike veranderinge gaan gewoonlik 'n veranderde selfbeeld gepaard, afhangende van die beeld wat die samelewing oor bejaardheid en teenoor die bejaarde het. Die toestand van die liggaam het 'n groot invloed op die geestestoestand van die bejaarde.

Kommunikasie raak moeiliker as die sintuie nie meer voldoende funksioneer nie en verhoudings met ander word moeiliker, wat beteken dat die bejaarde hom terugtrek, wat weer tot 'n toestand van eensaamheid kan lei.

Hoe swakker die gesondheid, hoe groter weer is die moontlikheid van afhanklikheid wat vrees vir veroudering by die bejaarde inboesem (Strydom, 1973:72-73). Swak gesondheid kan ook finansiële behoeftes vermeerder, negatieweit teenoor die ouderdom aanwakker en is beslis 'n faktor wat eensaamheid in die hand kan werk.

2.4.1.4 Betrokkenheid by gemeenskapslewe

Bejaardheid bring veroudering wat die verlies van rolle en funksies veroorsaak. Hieruit ontstaan spannings- en angstoestande. Spanning word deur aftrede veroorsaak waar daar 'n gevoel van ledigheid ontstaan. Die bejaarde se

betrokkenheid in die gemeenskapslewe neem drasties af, statusverlies moet verwerk word, sy sosiale rol verminder en 'n gevoel van verlatenheid ontstaan. Daar is veral die behoefte aan liefde, toegeneentheid en betrokkenheid wat nie bevredig word nie wat noodwendig tot eensaamheid lei (Strydom, 1978:102). Deur te veel beskikbare tyd op hande te hê bring spanning en vrees vir verveeldheid mee, terwyl betrokkenheid en verantwoordelikheid deur inskakeling by groepsaktiwiteite nuwe belangstellings kan wek en ledigheid verminder. Nuttigheid beteken dat iemand jou nodig het en gee sin aan die lewe.

Bejaardes is selde aktief betrokke by die bestuur van 'n besige onderneming en het ook gewoonlik nie 'n voltydse werk nie. Hierdie gedeeltelike of algehele onttrekking aan die werkkorps het meer vryetyd en verminderde stimulasie tot gevolg. Dit kan lei tot 'n gevoel van isolasie en eensaamheid, tensy ander belangstellings of aktiwiteite gedurende die aanpassingstydperk aangekweek word wat as plaasvervangers kan dien (Margow, 1988:24-25).

2.4.1.5 Alkoholisme en dwelmverslawing

Alkoholisme en dwelmverslawing kom soms by die bejaarde voor. Hierdie groep bejaardes is geneig om hulself te onttrek aan die gemeenskap, waar hul dan ongeïdentifiseerd en onbereikbaar bly. Eensaamheid, alleenheid en armoede is dikwels faktore wat bydra tot alkoholisme, terwyl eensaamheid ook as 'n gevolg van alkoholisme gesien kan word. Verslawing het sy oorsprong by die ongereelde, oordadige gebruik van medisyne wat dan veroorsaak dat hulle daarvan afhanklik raak.

2.4.2 Werksomstandighede

Sommige bejaardes, byvoorbeeld die eienaars van eie besighede, het nie met werknemers gemeng nie, lang ure gewerk en nooit tyd vir ontspanning ingeruim nie. Daar was nie voldoende geleentheid om vriende te maak nie en nou na aftrede word hulle eensaam oud (Lake, 1980:6).

2.4.3 Kulturele gapings

Volgens Lake (1980:6-7) kan verskille in taal, kulturele agtergrond en sosiale verskuiwings tot eensaamheid bydra. Vir die bejaarde kan hierdie gapings en verskuiwings traumaties wees. Hoe ouer 'n mens word, hoe moeiliker pas 'n mens by veranderde omstandighede aan en daarom verval bejaardes makliker in eensaamheid.

2.4.4 Persoonlikheid

Alleenlopende volwassenes wat nooit getrou het nie, veral mans gee hul persoonlikheid aan as die oorsaak van hul eensaamheid. 'n Gebrek aan selfvertroue kan beteken dat die persoon nie maklik vriende maak nie, 'n swak selfbeeld het en veral nie maklik kommunikeer nie. Dit kan maklik tot eensaamheid lei.

2.5 Samevatting

Dit is belangrik om te beseef dat eensaamheid selfvernietiging kan veroorsaak. Die bejaarde moet insig in sy probleem kry en leer om met eensaamheid saam te leef of om 'n permanente oplossing daarvoor te vind. Deur nou bewus te wees van die behoeftes en die probleme van die bejaarde, behoort daar beter begrip vir die toestand van eensaamheid te wees.

2.6 Soorte eensaamheid (Gaev, 1976:7-11)

2.6.1 Eksistensiële eensaamheid

Om eensaam te voel beteken nie altyd emosionele onstabiliteit nie, dit is maar net deel van jou menswees. Om intens alleen te voel as gevolg van die dood van 'n geliefde of emosionele verlies, is 'n universele deel van jou ervaring as mens en word eksistensiële eensaamheid genoem. Voorbeelde hiervan is: geboorte, groeiproses, skeidings en ook reünies.

2.6.2 Patologiese eensaamheid

Dit kom voor sodra hierdie toestand van eensaamheid kronies word, omdat die persoon nie persoonlike verhoudings met dié waarvoor hy omgee kan opbou sodra die persoon nie met homself, die gemeenskap of die lewe behoorlik kan identifiseer nie.

Behalwe hierdie twee hoofgroepe noem Gaev (1976:8) nog vyf ander soorte eensaamheid, naamlik;

2.6.3 Eensaamheid van die innerlike self

Dit is 'n gevoel van vervreemding van die persoon se eie persoonlikheid. Hierdie slagoffers voel gewoonlik nie werklik en outentiek nie, amper om soos 'n dubbelganger te wees. Hulle is uit voeling met hul werklike gevoelens en behoeftes.

2.6.4 Fisiese eensaamheid

Die gevoel van frustrasie en verlange ontstaan wanneer die

behoefte aan fisiese kontak, nabyheid en aanraking met spesifieke persone belemmer word. Om na 'n lang huwelik skielik alleen te wees, veroorsaak fisiese eensaamheid.

2.6.5 Emosionele eensaamheid

Emosionele eensaamheid is die algemene gevoel van weemoed en verlange wanneer die behoefte om nader aan spesifieke persone te wees verhoed word. 'n Egpaar kan byvoorbeeld jare getroud wees sonder om enige emosionele kontak te bereik.

2.6.6 Sosiale eensaamheid

Hierdie soort eensaamheid ontstaan as die behoefte om te hoort of om 'n plek in die sosiale wêreld te beklee, belemmer word. Dit beteken dat die persoon hom nie deel van die groep voel nie. Hy word byvoorbeeld nie na 'n funksie genooi nie, en die vraag van waarom hy verwerp is, ontstaan.

2.6.7 Geestelike eensaamheid

'n Gevoel van leegheid en isolasie ontstaan sodra die behoefte om 'n persoon se bestaansreg belemmer word. Gaev (1976:11) gebruik die woord "geestelik", omdat dit die dimensie van die persoonlikheid is wat die doel, rigting en betekenis om te lewe, seek.

2.7 Stadia van eensaamheid

Volgens Lake (1980:10-11) kan eensaamheid in drie stadia verdeel word.

2.7.1 Die eerste stadium begin by die omstandighede waardeur veroorsaak word dat kontak met ander mense verbreek word, en sodoende wedersydse kommunikasiegedrag ontbeer moet word. Die bejaarde of enige ander persoon ondervind 'n gebrek aan waardering, wat beteken mense hou nie meer van hom nie en is nie meer lief vir hom nie. Die gevoel van toegeneentheid ontbreek en dit kan vir die individu ontstellend wees. Dit is nie net die groot dinge wat van belang is nie, maar ook klein dingetjies soos gebare of gedrag wat die boodskap van "ek gee om" oordra. Dit beteken vir die slagoffer dat hy nog steeds behoort, dat daar nog iewers vir hom 'n plek is.

Hierdie eerste fase hoef nie skadelik te wees nie. Vir 'n beperkte tyd kan 'n persoon dit verwerk, en die ondersteuning en simpatie van vriende en ander kan 'n persoon redelik lank dra.

2.7.2 Die eerste fase kan egter oorgaan in 'n meer ernstige tweede fase. Die hoofkenmerk van hierdie fase is dat vertrouwe verloor word. Dit sluit onder meer selfvertroue en vertrouwe in ander persone in. Die eensame bejaarde of enige ander slagoffer is nie in staat om spesiale gerusstellende gedragswyses te ontvang en te gee nie. Dit beteken daar is 'n gebrek aan die gedrag wat eiewaarde herbevestig. Sodra eiewaarde nie meer saak maak nie, word gedrag betekenisloos, die persoon kan verleer om te glimlag en minder mense glimlag dan vir hom, totdat die uiteinde gebeur: daar is niemand meer om voor te glimlag nie. Glimlag is maar net een voorbeeld van gedrag wat beïnvloed word.

Daar is ook nie-verbale gedrag wat beïnvloed word, soos handdruk wat lomp word, omdat mens nie meer weet hoe om te

groet nie - met ander woorde hoe om iemand aan te raak nie.

Lake (1980:11) noem hierby nog gesigsuitdrukking, stemtoon, tempo van spraak, hoe naby die persoon aan 'n ander staan, die manier waarop die persoon aantrek en ook waarheen die persoon kyk. Die slagoffer verloor al hoe meer vertroue - vertroue om kontak te kan maak met ander, maar meer nog om kontak te behou sodat hy op 'n spesiale manier belangrik kan wees vir ander. Sommige persone blameer ander mense vir die situasie waarin hulle hul nou bevind, ander weer is wisselvallig en blameer ander en dan weer hulself.

2.7.3 Wanneer die derde fase bereik word, is die vermoë om wedersyds te gee en te neem, so verstuur, dat dit nooit weer herstel nie. Die slagoffers van hierdie fase word heeltemal apaties en voel nie meer nie. Hulle konfronteer hulself met die werklikheid van die lewe en besluit dat niemand meer omgee nie, en dat niemand meer in die toekoms sal omgee nie. Dit kan 'n fatale kroniese toestand word, waar depressie en wat daarmee gepaard gaan tot selfmoord kan lei.

Die goot verligting is egter dat nie almal hierdie stadium bereik nie. Daar is 'n verskil van persoon tot persoon in watter mate hy vatbaar vir die toestand is. Dit is nie noodwendig dat die stadia mekaar spontaan opvolg nie, die slagoffer kan uit stadium een kom sonder om stadium twee te bereik, en so ook met stadium twee. Sommige persone is maar net meer vatbaar vir eensaamheid as ander.

2.8 Samevatting

Verlies, hartseer en roumart is onvervreembaar deel van 'n bejaarde se lewe. Hulle moet veranderinge in die lewe in

die gesig staar. Die aanhoudende ervaring van verlies bring emosionele en liggaamlike verwerking mee (Lester & Lester, 1980:27). Volgens die literatuurstudie wat gedoen is, is bevind dat eensaamheid een van die grootste probleme van die bejaarde is. Die voortdurende verliese, ontoereikende finansiële inkomste, swak kommunikasie en fisiese en psigiese siektetoestande takel die bejaarde af en veroorsaak dikwels 'n swak selfbeeld, terugtrekking van die gemeenskap en 'n onsekerheid oor sy toekomsbestaan. Gelukkig is daar bejaardes wat nie hierdie probleme ondervind nie en 'n baie gelukkige en tevrede oudag slyt.

HOOFSTUK 3

LEKTUUR VIR DIE BEJAARDE MET INAGNEMING VAN SY PROBLEME

3.1 Inleiding

Bejaardheid bring nie noodwendig 'n skielike verandering in die leesgewoontes en smake van die ouer leser nie. Bejaardes se leessmaak word net soos dié van ander lesers deur hul opvoeding, sosiale agtergrond en onderwyspeil beïnvloed. Hulle is nie 'n homogene groep nie, en moet dus aan 'n wye keuse blootgestel word (Retief, 1971:48). Lees word veral 'n belangrike afleiding na aftrede. Dit hou die bejaarde in kontak met die buitewêreld en vul die leë ure. Die toepassing van biblioterapie op bejaardes, veral diegene wat werklik eensaam is, kan vir hulle nuwe perspektief beteken en hul dae meer sinvol maak.

Dit is belangrik om vas te stel in watter mate uitgewers en biblioteke 'n rol speel in die bevordering van die bejaarde se leessmaak. Die navorser het derhalwe enkele uitgewers, provinsiale en openbare biblioteke genader vir die nodige inligting. 'n Keuse van Afrikaanse fiksieboeke is gemaak en word hier in hoofstuk drie bespreek.

3.1.1 Kriteria by die keuse van die lektuur vir biblioterapie met die bejaarde

3.1.1.1 Die beleid van die Provinsiale biblioteekdiens, in die vier provinsies, ten opsigte van lektuurvoorsiening vir die bejaarde:

3.1.1.1.1 Natal

Die Provinsiale Biblioteekdiens van Natal maak nie met

behulp van lyste voorsiening vir spesiale boeke net vir bejaardes nie. Volgens mondelinge mededelings van mej. C. Blight (1989) stel die bejaardes in ontspanningsfiksie belang. Die bejaarde het 'n wye keuse van boeke en onderwerpe en ressorteer onder die volwasse groep waar hulle in aanmerking geneem word by die aankoop van boeke.

3.1.1.1.2 Oranje Vrystaat

Volgens mondelinge mededelings van mej. M. Dickson (1989) koop die Vrystaatse Provinsiale Biblioteekdiens hul boeke aan met die oog op alle dele van die bevolking. Onderskeid word getref tussen jeug- en volwassene fiksie. Daar word nie spesiale voorsiening in die vorm van boeklyste vir bejaardes gemaak nie. Die grootdrukboeke wat aangekoop word, is vir bejaardes en swaksiendes, en dek 'n breë veld onderwerpe. Die aankoop van boeke vir die volwassene is op die individu gerig en word nie in ouderdomsgroepe onderverdeel nie.

3.1.1.1.3 Kaap

Mev. R. de Roubaux (1989) van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens is van mening, volgens haar mondelinge mededeling, dat gemeenskappe te veel van mekaar verskil om die bejaardes as 'n spesifieke groep te identifiseer. Hulle word as individue beskou, elkeen met 'n eie leesmaak en eie behoeftes. Ouderdom is nie 'n onderskeidingsmaatreël nie, maar wel verskillende gemeenskappe. Die bejaardes in hierdie provinsie lees gesofistikeerde sowel as verhalende lektuur. Selfs reisverhale en biografieë wat vakliteratuur is, vind byval.

3.1.1.1.4 Transvaal

By die Provinsiale Biblioteekdiens in Transvaal word volgens mej. S. du Toit (1989) se mondelinge mededelings nie spesifieke boeklyste vir bejaardes saamgestel nie. Boeke word aangekoop met die oog op individue en nie spesifiek op bejaardes nie. Al waar bejaardes wel as groep in aanmerking geneem word, is by die aankoop van grootdrukboeke. Laasgenoemde dek verhalende sowel as vakliteratuur. Die bejaarde ressorteer onder die volwassene-afdeling, en die ander kategorieë is die jeug- en die kinderafdelings. Lektuur wat veral byval vind onder die bejaarde is ligte romans, speurverhale en historiese verhale. Vakliteratuur is meestal godsdiensboeke, stokperdjies en biografieë, veral oor die Engelse koningshuis. Die bejaarde lees graag oor sy eie tydgenote en ook gebeure in sy verlede, maar stel nie net in die verlede belang nie; hy behou graag kontak met die hede.

3.1.1.2 Die betrokkenheid van die openbare biblioteek by die voorsiening van geskikte lektuur aan die hand van enkele voorbeelde

3.1.1.2.1 Potchefstroomse Openbare Biblioteek

Hierdie biblioteek koop gedeeltelik sy eie voorraad aan met die oog op die individu, en koop nie spesiaal vir die bejaarde boeke aan nie, volgens 'n mondelinge mededeling van mej. J. Nienaber (1989). Hulle maak wel voorsiening vir bejaardes deur middel van die grootdrukboeke wat as 'n aparte versameling gehuisves word. Die grootdrukboeke dek verskillende onderwerpe in die verhalende afdeling, en daar is ook vakliteratuur in grootdruk beskikbaar. Sou die bejaarde in kasette en 'n kasetspeler belangstel, kan

reëlins getref word. Die Openbare Biblioteek bedien die bejaardes met behulp van 'n moderne boekwa met 'n wye verskeidenheid boeke. Die ligte roman is baie gewild, maar daar is ook bejaardes wat meer moderne romans lees. Verhalende lektuur soos speurverhale, avontuurverhale en selfs kontreikuns word gelees. Daar is diegene wat graag oor hul stokperdjies lees. Biografieë van veral die koningshuise en eietydse staatmanne is baie gewild.

3.1.1.2.2 Klerksdorpse Openbare Biblioteek

Die Klerksdorpse Openbare Biblioteek bedien sy bejaardes deur twee depots by ouetehuse. Volgens mondelinge mededelings van mev. H. Olivier (1989) en mnr. L. Botha (1989) word die boeke aangekoop met die oog op individuele gebruik. Sou die bejaarde in 'n sekere boek belangstel, mag hy die boek aanvra. Geen boeke word uitsluitlik as lektuur vir bejaardes beskou nie. Hier word derhalwe nie 'n boeklys spesifiek vir bejaardes saamgestel nie. Die biblioteek koop grootdrukboeke vir bejaardes en swaksiendes aan, en stel dit in die biblioteek en by die depots beskikbaar deur dié versameling van die ander versamelings te skei. Hierdie boeke dek 'n wye veld onderwerpe en dit sluit ook vakliteratuur in. By die tehuise word gevind dat die ligte roman, speurverhale, avontuurverhale en veral verhale oor die Anglo-Boereoorlog baie gewild is. Daar is diegene wat graag vakliteratuur lees, soos boeke oor godsdiens, stokperdjies, geskiedenis en biografieë.

3.1.1.2.3 Verwoerdburgse Openbare Biblioteek

Die Openbare Biblioteek in Verwoerdburg voorsien die dienssentrum vir bejaardes se biblioteek van boeke. Mev. S Hewes is aan die stuur van die verskillende takbiblioteke.

Mev. M. Schuurman is die bibliotekaresse wat na die dienssentrum en die tehuis, Rusoord, se bejaardes omsien. Volgens 'n skriftelike mededeling van mev. S. Hewes (1989) lees die bejaardes wyd en kan daar nie 'n lys van spesifieke boeke net vir bejaardes opgestel word nie, maar volgens statistiek lees hierdie bejaardes meestal Afrikaans en dan ook spesifiek grootdrukboeke. Die biblioteek stel grootdrukboeke beskikbaar vir bejaardes en swaksienendes. Hierdie boeke, wat ook vakliteratuur insluit, is baie gewild en dek 'n groot aantal onderwerpe. Die grootdrukboeke is nie so stremmend op die oë nie, hanteer redelik maklik en handel meestal oor gewilde onderwerpe. Die lige roman, humoristiese verhale, speurverhale, avontuurverhale en sommige godsdiensboeke is veral gewild. Die bejaardes lees graag ook oor bekende politieke figure en geskiedenis. Volgens die mondelinge mededeling van dr. H.J.M. Retief (1989) moet die boeke nie te treurig en te eksplisiet wees nie. Dit is belangrik dat die boeke nie te moeilik geskryf is nie, want baie van die bejaardes het nie na-skoolse kwalifikasies nie, selfs waar daar opleiding ter sprake was. Hul konsentrasievermoë neem af namate hul ouer word. Die boek moet vir die bejaarde ontspanning beteken, maar terselfertyd ook die kontak met die buitewêreld wees.

3.1.1.3 Die beleid van uitgewers ten opsigte van gesikhte lektuur vir die bejaarde aan die hand van enkele voorbeelde

3.1.1.3.1 Van Schaik

Biblioteke kan by hierdie uitgewery aankoop, maar daar word geen reklame vir die bejaarde, deur byvoorbeeld spesifieke boeklyste beskikbaar te stel, gemaak nie, volgens

mondelinge mededelings van mev. S. Malan (1989).

3.1.1.3.2 J.P. van der Walt

J.P. van der Walt plaas advertensies in tydskrifte, en deur middel van hul boekklub word hul boeke bekend gestel, volgens mondelinge mededelings van mev. K. Horn (1989). Daar is nie spesifieke verwysing na boeke vir bejaardes nie, maar die uitgewer beplan om grootdrukboeke uit te gee.

3.1.1.3.3 Perskor

Perskor se katalogus maak nie spesifiek vir die bejaarde voorsiening nie, volgens mondelinge mededelings van mev. R. Berwing (1989). Hulle het hul eie boekklub waar algemene en ligte romans beskikbaar gestel word aan volwassenes. Die uitgewer gee nie grootdrukboeke uit nie.

3.1.1.3.4 HAUM

HAUM- uitgewers bemark onder andere pamflette en inligtingstukke terwyl boeke fisies aan streekskantore en kliënte gestuur word, volgens mondelinge mededelings van mev. S. de Souza (1989). Hier word geen grootdrukboeke uitgegee nie. Daan Retief-uitgewers verskaf adreslyste van tehuse vir bejaardes aan HAUM wat dan pamflette met gepaste titels aan hierdie tehuse stuur.

3.1.1.3.5 Daan Retief

Met 'n biblioteekkundige soos dr. H.J.M. Retief op die personeel, word daar na die bejaarde se behoefte omgesien. Afrikaanse ligte verhalende lektuur word gekeur en dan in grootdruk uitgegee, volgens mondelinge mede-

delings van dr. H.J.M. Retief (1989). Hier is nie boeklyste vir bejaardes beskikbaar nie, maar die grootdrukboeke word in Senatus (koerant van die Nasionale Raad vir Bejaardes) aangekondig. Hierdie grootdrukboeke dek 'n wye spektrum van onderwerpe. Bejaardes word nie as 'n homogene groep gesien nie, maar as individue wat volgens hul smaak en behoeftes lees.

3.1.1.4 Die bejaarde en sy lektuur

Noodsaaklike behoeftes soos voedsel, kleding en huisvesting is vir die bejaarde onontbeerlik, maar ook die belangrikheid van lektuur kan nie genoeg beklemtoon word nie. Lees hou die bejaarde in kontak met die buitewêreld, dit kan 'n waardevolle hulp by aanpassingsprobleme wees en ook groot waarde vir eentonige en ledige ure hê (Retief, 1971:47).

3.1.1.4.1 Leessmaak

Die leessmaak van die bejaarde varieer, soos in die geval van enige ander groep. Hulle stel nie net in die verlede belang nie, maar ook in sake van die dag (Retief, 1971:55). Uit die ondersoeke en opnames wat gedoen is en in dr. H.J.M. Retief se verhandeling opgeneem is, is dit duidelik dat dit nie maklik is om 'n spesifieke leessmaak aan die bejaarde toe te ken nie.

3.1.1.4.1.1 Verhalend

Skrywers uit die bejaarde se eie tyd geniet dikwels voorkeur. Romans en speurverhale is veral van die gewildste verhalende fiksie onder bejaardes. Gemeenskappe verskil egter, en die vraag na onderwerpe soos wilde weste-stories en oorlogsverhale varieer.

3.1.1.4.1.2 Vakliteratuur

Die bejaarde lees graag godsdienstige boeke, maar daar is tog gemeenskappe, veral by die kusdorpe, waar reisverhale, biografieë en diereboeke groter belangstelling onder die Engelssprekendes wek as boeke met 'n Christelike agtergrond (Retief, 1971:62).

3.1.1.4.2 Leesvermoë

3.1.1.4.2.1 Fisiese gesondheid

Die leesvermoë van die bejaarde hang baie nou saam met sy fisiese gesondheid, veral gesigsvermoë. Om te kan lees moet die bejaarde nog 'n redelik goeie gesigsvermoë hê. Gelukkig is daar uitgewers wat nou ook grootdrukboeke beskikbaar stel vir die bejaardes en swaksiendes.

3.1.1.4.2.2 Verstandelike vermoëns

Nie alle bejaardes het noemenswaardige skoolopleiding gehad nie. Die gebrek aan belangstelling om te lees kan dus aan gebrekkige opleiding te wyte wees. Bejaardheid bring ook probleme mee, en verstandelike agteruitgang vind soms by bejaardes plaas, wat hulle verhinder om te kan lees.

3.1.1.4.2.3 Psigiese gesteldheid

'n Gesonde verstand beteken dat daar nog aktiewe meelewing kan plaasvind. Aftakeling van die liggaam kan maklik psigiese ongesteldheid meebring. Seniliteit, wat meestal met bejaardheid gepaard gaan, kan die leesvermoë van die bejaarde demp of heeltemal uitskakel.

3.1.1.5 Die fisiese voorkoms van die lektuur

Bejaardheid bring ongetwyfeld verandering in die gees en liggaam mee wat dan noodwendig die fisiese voorkoms van die lektuur by die keuse van boeke of lektuur kan beïnvloed.

3.1.1.5.1 Drukwerk

Die grootte van die boeke speel 'n belangrike rol by die hantering van die boeke deur die bejaarde. Fisies verswakke bejaardes kan nie swaar, dik en groot boeke hanteer nie. Sodra hul gesigsvermoë verswak, is dit moeilik om gewone druk te lees en is dit belangrik dat die letters in groot formaat en in helder druk op 'n goeie kwaliteit papier gedruk word.

3.2 Motivering vir die keuse van lektuur:

Die keuse van die lektuur berus op die beginsel van gewildheid, omdat eensaamheid slegs verlig kan word indien die bejaarde werklik in die lektuur geïnteresseerd is.

3.2.1 Kriteria vir die keuse van lektuur word op drie verskillende leessituasies gebaseer, naamlik 'n selfstandige leessituasie, voorleessituasie en selfleessituasie.

3.2.1.1 Kriteria vir die keuse van lektuur word met verwysing na die bogenoemde situasies soos volg gemotiveer

3.2.1.1.1 Gewilde lektuur in 'n selfstandige leessituasie

Daar is nie genoegsame wetenskaplike data beskikbaar oor spesifieke leesvoorkeure van die bejaarde wat direk toe-

pasbaar is op biblioterapie in 'n self- en voorleessituasie soos uiteengesit in hierdie studie nie, en as gevolg hiervan is hierdie kategorie gebaseer op die frekwensie waarmee boeke deur bejaardes uit die Verwoerdburgse takbiblioteek in die dienssentrum uitgeneem word. Die feit dat die boeke gewild is, maak hulle nie noodwendig geskik vir voorlees of selflees nie. Daarom is hierdie kategorie hoofsaaklik aangewend vir die doel om te bepaal watter tipe verhale, temas en karakters by die bejaarde aanklank vind.

3.2.1.1.2 Moontlik gewilde lektuur in 'n voorleessituasie (a) en 'n selfleessituasie (b)

Hierdie kategorieë is op die vorige kategorie gebaseer in soverre relevansie van die verhaal, tema en karakter in die lektuur van kategorie 3.2.1.1.1 riglyne verskaf vir die keuse van die lektuur in hierdie kategorie. Terwyl die aard van die lektuur dus by kategorie 3.2.1.1.1 aanpas, word die spesifieke keuse van die lektuur in kategorie 3.2.1.1.2 bepaal deur die betrokkenheid van 'n terapeut by die seleksie en praktiese toepassing van biblioterapie. Humoriese verhale kan veral hier oorweeg word indien die karakters en temas aanklank vind by selfstandige leesmateriaal, want hierdeur word die bejaarde se aandag op 'n positiewe wyse afgelei van sy alledaagse omgewing.

3.2.2 In teenstelling met die selfstandige leessituasie hou die self- en voorleessituasie spesifieke beperkinge in, soos:

3.2.2.1 Inhoudelike beperkings van die lektuur

3.2.2.1.1 Die ingewikkeldheid en lengte van die verhaal

het 'n beperkende invloed op biblioterapie in 'n voorleessituasie, omdat voorlesing geskeduleerd plaasvind en daar noodwendig leesonderbrekings voorkom. Laasgenoemde is in 'n mindere mate beperkend in 'n selfleessituasie, omdat daar meer kontinuïteit in hierdie situasie bestaan.

3.2.2.1.2 Die beperkings van lang verhale in die voorleessituasie sluit onder andere die volgende in:

- i) Daar is meestal te veel karakters om te onthou;
- ii) Daar vind soms te veel geografiese verskuiwings plaas;
- iii) Daar is dikwels te veel opeenhoping van gebeure. Waar lang verhale in 'n selfleessituasie aanbeveel word is bogenoemde beperkinge van minder belang. Die bejaarde lees die verhaal in sy eie tyd soos dit vir hom die gerieflikste is met onderbrekings waar nodig.

3.2.2.1.3 Die bejaarde het dikwels 'n beperkte konsentrasievermoë en swak geheue wat in ag geneem word in 'n voorleessituasie, omdat tydsonderbrekings plaasvind en die bejaarde dikwels as gevolg van genoemde beperkings moeilik die gang van 'n lang verhaal kan volg. Hierdie beperkings is nie van toepassing op kortverhale en sketse nie.

3.2.2.1.4 Beperkings met betrekking tot die terapeut self:

'n Beperking wat in ag geneem word maar nie 'n hindernis in die biblioterapieproses as sodanig hoef te wees nie, is die feit dat die biblioterapeut buitengewone kennis van sketse en kortverhale moet besit om biblioterapie effektief te kan toepas. Hierdie beperking is spesifiek op kortverhale en op die voorleessituasie van toepassing.

3.2.2.1.5 Die spesifieke beperkings wat lang verhale vir biblioterapie in 'n voorleessituasie meebring maak sketse en kortverhale besonder geskik vir hierdie soort biblioterapie. Indien lang verhale wel gebruik word, vind die navorser dat 'n verhaal of roman wat in episodes ingedeel word meer geskik is as 'n verdeling in lang hoofstukke.

3.2.3 Die seleksie van die lektuur word soos volg getabuleer:

Alfabetiese lys van boektitels	Kategorieë	
	a	b

Romans en lang verhale

Brood en klip	x	
Twee paaie	x	
Uit Juffrou se dagboek	x	x
Van eensame mense	x	

Sketse en kortverhale

Blommetjies vir Bella		x
Ek en my kinders		x
Die joiner		x
Die liefde kry 'n stootjie		x
Oupa wil bemin		x
Sy belofte		x
Werkstaking by die kleigat		x

3.3 Inhoud van boeke en relevansie daarvan vir die bejaarde

Om die relevansie van bostaande boeke vir die bejaarde te bepaal is dit belangrik om 'n kort oorsig oor die inhoud van die boeke te verskaf, aangesien die verhale self van

kardinale belang is om die bejaarde se belangstelling te prikkel en te behou.

3.3.1 Romans en lang verhale

3.3.1.1 Titel: Brood en klip
Outeur: Bakkes, Margaret
Uitgewer: Daan Retief. 1987. Grootdruk.

3.3.1.1.1 Inhoud

Die hoofkarakter van die verhaal is Elizabeth Pauw op die plaas Sneeberg haar gesin bymekaar hou. Sy kom te sterwe in die verloop van die verhaal en die fokus verskuif na die konflik tussen haar drie seuns. Gebeure word sterk gedramatiseer, maar eindig op 'n positiewe noot deurdat Elizabeth Pauw se wense om haar gesin bymekaar te hou verwesenlik word.

3.3.1.1.2 Relevansie van die inhoud vir die bejaarde

Net soos Elizabeth Pauw 'n moeder is wat haar oor haar kinders bekommer en hul swakhede ken, kan die bejaarde ook 'n ouer wees wat self kommer oor kinders en kleinkinders het. Die feit dat die verhaal baie dramatiese aangebied word, bied 'n moontlikheid van emosionele identifikasie en 'n ontvlugting uit die werklikheid wat vir die bejaarde in sy beperkte omgewing baie belangrik kan wees. Die boek is moontlik geskik vir voorlesing omdat daar relatief min karakters is, en die roman grotendeels eenheid van plek handhaaf.

3.3.1.2 Titel: Twee paaie
 Outeur: PIENAAR, T.C.
 Uitgewer: Makro. 1987. Grootdruk.

3.3.1.2.1 Inhoud

Die hoofkarakter Dina / Dien van Duyn se lewensverhaal wat gedurende die Anglo-Boereoorlog afspeel word in die verhaal aangrypend uitgebeeld. Geskiedkundige gebeure soos die afbrand van haar plaas, die haglike omstandighede in die konsentrasiekamp, die dood van haar kinders en die daaropvolgende stryd om weer ekonomies op die been te kom is prominente fokuspunte van die verhaal. Haar verhouding met haar man, 'n Hollander, is belangrik vir die uitbeelding van haar persoonlike lewe en maak die verhaal meer menslik en maklik om emosioneel mee te kan identifiseer.

Die verhaal eindig op 'n goeie noot waar sy met al haar familieleden versoen kon raak.

3.3.1.2.2 Relevansie van die inhoud vir die bejaarde

Die teikengroep is deur mondelinge oorlewering van ouers en grootouers waarskynlik baie goed bekend met die geskiedkundige gebeure gedurende die Anglo-Boereoorlog. Verwysings in die verhaal na die algemene sosio-ekonomiese omstandighede van die tyd en veral die klem op omstandighede in konsentrasiekampe en die afbrand van plase, roep vir bejaardes sterk herinneringe na vore.

Dina se persoonlike konflik maak die verhaal boeiend en interessant sodat dit nie net 'n weergawe van historiese feite is nie.

Die Afrikanernasionalisme wat gedurende die oorlog geheers het, kom sterk na vore in die stremmende verhouding tussen Dina, haar ouers en haar man wat 'n Nederlander van afkoms is.

Hierdie verhaal is waarskynlik nie geskik vir voorlees nie (verwys n 3.2.2).

3.3.1.3 Titel: Uit juffrou se dagboek

Outeur: Sita

Uitgewer: Daan Retief. 1990. Grootdruk.

3.3.1.3.1 Inhoud

Die hooffiguur van die verhaal, Susan Bleriot, word as skoolhoof van die eenmanskooltjie op Leliebron aangestel. Die verhaal is in dagboekvorm geskryf en konsentreer veral op die eenvoud van die plattelandse mense waarvan baie 'n sukkelbestaan voer.

Die toegewydheid van die onderwyseres blyk uit haar moeite om in moeilike omstandighede die kinders ten opsigte van opvoeding te motiveer. As gevolg van haar deursettingsvermoë bereik sy sommige van haar doelstellings en raak só onlosmaaklik deel van die omgewing en sy mense, dat sy haar daar vestig.

3.3.1.3.2 Relevansie van die inhoud vir die bejaarde

Vir diegene wat die tydperk voor die Tweede Wêreldoorlog meegemaak het, was eenvoudige plattelandse lewensomstandighede aan die orde van die dag. Formele onderwys was nie verpligtend nie, plaasskole was swak toegerus en min mense het 'n opvoedingspeil verder as standaard ses behaal.

Die teikengroep het waarskynlik in dieselfde omstandighede grootgeword, omdat Afrikaners voor die Tweede Wêreldoorlog oor die algemeen nog nie verstedelik het nie.

Alhoewel die verhaal lank is, beskou die navorser dit as geskik vir voorleesmateriaal, omdat die boek in dagvoekvorm geskryf is en elke dag 'n relatief afgeslote episode uitmaak. Daar is net een hooffiguur, Susan Bleriot. Die boek is eenvoudig en maklik geskryf.

3.3.1.4 Titel: Van eensame mense
 Outeur: MULLER, Elise
 Uitgewer: Tafelberg. 1979.

3.3.1.4.1 Inhoud

Die verhaal speel op 'n plaas af. Die hooffiguur, Fransie, beskou haarself as gebrandmerk weens 'n bruin geboortevlek op haar wang en as gevolg hiervan is sy eensaam. Die verhaal handel in breë trekke oor hoe sy aan haar eensaamheid asook haar familieprobleme ontkom. Dit geskied deur die toedoen van die nuwe onderwyser wat haar inspireer om weg te gaan en 'n nuwe toekoms vir haarself te skep.

3.3.1.4.2 Relevansie van die inhoud vir die bejaarde

Die feit dat die verhaal op die plaas afspeel maak die verhaal vir die teikengroep toeganklik. Verwysings na nagmaal op die dorp, 'n stookketel en die eenmanskooltjie is waarskynlik bekend uit hul eie ervaringswêreld. Die tema eensaamheid vind aanklank by die bejaarde, omdat die teikengroep self in hierdie toestand verkeer. Die verhaal is boeiend en maklik geskryf en ideaal vir selflees.

3.3.2 Sketse en kortverhale

3.3.2.1 Titel: Die vrou op die skuit en ander verhale

Outeur: MULLER, Elise

Uitgewer: A.A. Balkema.

Slegs een verhaal is op grond van relevansie vir die bejaarde gekies.

3.3.2.1.1 Blommetjies vir Bella

3.3.2.1.1.1 Inhoud

Dit is 'n verhaal in ligte trant oor die wedywering tussen twee bejaarde filantropiese vriendinne op 'n plattelandse dorpie. Hulle wedywering betrek die hele dorp en duur tot na hul dood voort.

3.3.2.1.1.2 Relevansie van die inhoud vir die bejaarde

Die verhaal dek die tydperk in die hoofkarakters se lewens vanaf hul middeljare tot hul dood. Dit is dus 'n lewens-tydperk waarmee die bejaardes waarskynlik kan identifiseer. Verder word weduwees dikwels soos die hoofkarakters in verhalende lektuur uitgebeeld en verteenwoordig dus 'n bekende stereotipe.

Die boeiende kortverhaal kan binne 'n uur voorgelees word. Die tema van naastediens is baie prominent en het nie net 'n storie nie, maar ook 'n definitiewe boodskap vir die bejaarde. 'n Mens kan as bejaarde ook nog 'n positiewe bydrae tot die samelewing maak deur naastediens.

3.3.2.2 Titel: Ek en my kinders
 Outeur: STANDER, Blydie
 Uitgewer: Tafelberg. 1975.

3.3.2.2.1 Inhoud

Hierdie is 'n bundel humoristiese sketse oor die lewe van 'n weduweemoeder met haar vyf kinders en hulle daaglikse ervarings. Die bundel is in twee dele ingedeel. Die eerste gedeelte getiteld "Ek en my kinders" handel oor die weduwee, die ouma en die kinders. Die tweede gedeelte getiteld "Ons en ons kinders" handel oor die wederveraringe van die gesin na die ma se tweede huwelik. Die sketse vorm aparte, geslote eenhede en kan dus afsonderlik gelees word.

3.3.2.2.2 Relevansie van die inhoud vir die bejaarde

Ouma Blommetjie is deel van die gesin en is dus die karakter waarmee die bejaarde onmiddellik kan een voel. Die gesinsituasie is 'n algemene bekende situasie en dit is maklik verstaanbaar.

Lede van die teikengroep is bekend met soortgelyke ervarings soos weduweeskap. Elkeen van die sketse is kort genoeg om binne die tydsbestek van 'n uur voorgelees te word.

3.3.2.3 Titel: Hoogtepunte
 Samesteller: GROVE, A.P.
 Uitgewer: Tafelberg. 1973.

Slegs twee verhale is op grond van relevansie vir die bejaarde uitgesoek.

3.3.2.3.1 Die joiner - J. van Melle

3.3.2.3.1.1 Inhoud

Die kort kortverhaal speel teen die agtergrond van die 1915-rebellie waarby Jopie Fourie betrokke was, af. Dit is 'n kortverhaal waarin die hoofkarakter, Frans Nortjee, 'n joiner is. Die verhaal handel oor sy stryd om sy dade as joiner ongedaan te maak en weer as rebel aanvaar te word. Hy slaag daarin en hierdie aanvaarding deur sy eie mense bied vir hom hoop vir die toekoms.

3.3.2.3.1.2 Relevansie van die inhoud vir die bejaarde

Vir die bejaarde wat graag in die verlede leef en van die geskiedenis hou en vir wie die Anglo-boereoorlog nog baie aktueel is, is hierdie kort kortverhaal baie geskik. Behalwe vir die bekende agtergrondsmateriaal, is die verhaaltjie spannend geskryf en die gebeure eenduidig. Dit is geskik vir voorlees.

3.3.2.3.2 Werkstaking by die kleigat - Toon van den Heever

3.3.2.3.2.1 Inhoud

'n Beeswagttertjie en 'n boerklong speel kleilat. In 'n kort humoristiese skets word hulle toekomsdrome en konflik beskryf.

3.3.2.3.2.2 Relevansie van die inhoud vir die bejaarde

Kleilatspeel was 'n algemene tydverdryf vir jong plaasseuns gedurende die jeugtydperk van die teikengroep. Die dialoog is baie pittig geskryf. Die skets is geskik vir voorlees.

3.3.2.4 Titel: Oupa wil bemin en ander verhale
 Outeur: THERON, Johan
 Uitgewer: Daan Retief. 1987. Grootdruk.

Slegs drie verhale is op grond van relevansie vir die bejaarde uitgesoek.

3.3.2.4.1 Oupa wil bemin

3.3.2.4.1.1 Inhoud

Oupa woon by sy seun en skoondogter in en het reeds twee huwelike agter die rug. Sy verlange en eensaamheid skemer sterk deur. Dit is belangrik vir hom om individu te bly en sy selfbeeld te behou en daarom betaal hy vir sy buitekamer. Die verhaal konsentreer op sy verhouding met sy privaatverpleegster wat tot misverstande tussen hom en sy kinders lei.

Oupa wil bemin en wil bemin word. Hy projekteer egter sy liefde deurdat hy die verpleegster nie self nie, maar deur sy kleinseun bemin.

Die verhaal is op 'n ligte trant geskryf en het 'n gelukkige einde.

3.3.2.4.1.2 Relevansie van die inhoud vir die bejaarde

Hierdie kortverhaal lig die emosionele behoeftes van die bejaarde uit. Soos baie bejaardes is Oupa eensaam en wil graag aandag en liefde gee en ontvang. Terselfertyd is sy selfstandigheid belangrik. Bejaardes wat moeilik hul eie selfstandigheid moes prysgee sal Oupa se omstandighede goed kan begryp.

Bejaardes het waarskynlik nie meer 'n liefdesverhouding nie, en Oupa en sy jong verpleegster word die verpersoonliking van 'n fantasie oor 'n gelukkige verhouding met die teenoorgestelde geslag. Die feit dat Oupa sy verpleegster aan sy kleinkind afstaan, getuig daarvan dat hy ook soos talle ander bejaardes sy emosionele behoeftes op sy kleinkinders projekteer en sodoende vervul. Die kortverhaal is geskik vir voorlees.

3.3.2.4.2 Die liefde kry 'n stootjie

3.3.2.4.2.1 Inhoud

Die kulturele cliché van die stadsmeisie wat by die boerseun (genaamd Boeta) op die plaas kom kuier en onkundig oor die plaaslewe is, is die tema van die kortverhaal. Die stadsmeisie, Rosemary, moet byvoorbeeld afval eet, dra die verkeerde klere en word deur die bok gejaag. Daarbenewens is Boeta se pa haar glad nie goedgesind nie. In teenstelling met haar man is die tante egter 'n gasvrye, vriendelike boervrou wat maar altyd instaan vir sy buierigheid en ongeduld.

Die humoristiese trant en versoenende einde van die verhaal maak dit interessante voorleesmateriaal.

3.3.2.4.2.2 Relevansie van die inhoud vir die bejaarde

Die boek beeld 'n algemene situasie uit waarmee feitlik alle Afrikaners vertrou is, veral diegene wat op plase grootgeword het. Die konflik en wedersydse gespot tussen stedelinge en plaasboere is veral vir bejaardes 'n baie aktuele tema, omdat hulle waarskynlik met soortgelyke situasies te doen gekry het. Die verhaal is spesifiek

gekies omdat dit humoristies aangebied word en omdat die bejaarde moontlik met die tipe humor wat uit hierdie situasie voortspruit, sal kan identifiseer. Die kortverhaal leen hom tot voorlees.

3.3.2.4.3 Sy belofte

3.3.2.4.3.1 Inhoud

Hierdie is 'n verhaal met 'n Christelike inslag, waarin geloof 'n prominente rol speel. Ouma en haar kleinseun, Ben, wat sy en haar man aan die Here opgedra het, het 'n baie hegte verhouding. Sy is sy vertroueling en red onbewustelik sy huwelik deurdat sy Ben daaraan herinner dat wanneer dit vir die mens totaal onmoontlik voel, "slaan die goddelike moontlikheid die helderste deur" (Theron, 121:1987).

Alhoewel die verhaal met Ouma se dood eindig, word daar terselftertyd vir Ben 'n welgeskape seuntjie gebore. Ben besef dat Ouma se wysheid en geloof sy huwelik gered en sy gesinsbande versterk het.

3.3.2.4.3.2 Relevansie van die inhoud vir die bejaarde

Baie bejaardes het in die streng tradisie van die Christelike grootgeword en omdat hierdie verhaal daardie waardes beaam, kan hulle waarskynlik hulself daarmee vereenselwig. Nieteenstaande die feit dat die verhaal met Ouma se dood eindig, word die positiewe kant beklemtoon deurdat 'n kleinkind gebore word en Ouma se waardes in haar nageslag bly voortleef.

Die kortverhale is kort genoeg om elk binne die tydsbestek van een uur voor te lees.

3.4 Samevatting

Uit die kontak met verskillende biblioteekdienste en enkele uitgewers blyk dit dat tereg gesê kan word dat bejaardes nie as 'n spesifieke leesgroep met 'n spesifieke leesmaak uitgesonder kan word nie. Daar is nie spesifieke boeklyste by geraadpleegde uitgewers vir bejaardes beskikbaar nie.

Vir die leesgerief van veral die swaksiende bejaarde word grootdrukboeke deur verskeie uitgewers beskikbaar gestel. Hierdie boeke dek 'n wye veld van onderwerpe in die verhalende lektuur.

Die bespreking van die voorbeelde van verhalende lektuur gee 'n aanduiding van wat gewilde Afrikaanse verhalende lektuur vir die bejaardes kan inhou. Dit is belangrik om te onderskei tussen die gewildheid van lektuur in 'n selfstandige leessituasie en die gewildheid daarvan in 'n voor- en selfleessituasie, aangesien die biblioterapeut die gewildheid van lektuur in 'n voorleessituasie moet bepaal. Die selfleessituasie vir die toepassing van biblioterapie val buite die studieveld van hierdie ondersoek en word nie deur die biblioterapeut toegepas nie.

HOOFSTUK 4

BIBLIOTERAPIE SOOS PRAKTIES TOEGEPAS OP DIE BEJAARDE AAN DIE HAND VAN DIE GEKOSE LEKTUUR

4.1 Inleiding

Die boeke wat in hoofstuk 3 gekies is, word aan die betrokke teikengroep voorgelees om die reaksies van die bejaardes te toets, en om te bepaal of bejaardes se eensaamheid verlig word. Biblioterapie word op individue sowel as 'n groep toegepas ten einde vollediger empiriese data te bekom (verwys na 4.7).

4.2 Fisiese seleksie van die teikengroep

Die seleksie van bejaardes is op die volgende wyse gedoen:

4.2.1 Die navorser is bekend met die struktuur van die tehuis vir bejaardes en is dus bewus van bejaardes wat glad nie meer self lees nie en bejaardes wat wel nog self lees. Die projek betrek dié bejaardes wat nie meer self lees nie.

4.2.2 Die matrone van die tehuis is genader vir die nodige inligting in verband met bejaardes wat moontlik geskik sal wees vir die projek. Daar is by haar ook oor die belangstellings, fisiese gesondheid en gemoedstoestand van die bejaardes met wie terapie beoog word, inligting ingewin.

4.2.3 Algemene voorwaardes vir die keuse van bejaardes

4.2.3.1 Bejaardes moet eensaamheid ervaar.

- 4.2.3.2 Bejaardes moet bo die ouderdom van sewentig jaar wees.
- 4.2.3.3 Bejaardes moet psigies gesond wees.
- 4.2.3.4 Bejaardes moet inwoners van die tehuis wees.
- 4.2.3.5 Bejaardes moet Afrikaanssprekend wees omdat terapie aan die hand van Afrikaanse lektuur toegepas word.

4.2.4 Die teikengroep

Daar is op 'n groep van agt bejaardes besluit. Die betrokke bejaardes is genader vir biblioterapie. Almal kon ongelukkig nie in die uiteindelijke teikengroep opgeneem word nie as gevolg van die volgende omstandighede:

- (i) Een van die gejaardes se psigiese gesteldheid het ernstig verswak weens beroerte.
- (ii) 'n Tweede bejaarde het die tydelike met die ewige verwissel voordat met biblioterapie begin kon word.
- (iii) Die sintuiglike gebrek doofheid is by een van die bejaardes 'n onoorbrugbare probleem.
- (iv) Die vierde bejaarde se gesondheid het te vinnig verswak en die biblioterapie sou te vermoelend wees.
- (v) Die vyfde bejaarde het botweg geweier om deel te wees van die projek. Sy lees glad nie meer self nie en wil ook nie dat aan haar voorgelees word nie.
- (vi) Bejaarde nommer ses stel nie in voorlees belang nie, want sy neem aan dat die Bybel gebruik word. Op die navorser se verduideliking met wat beoog word, toon sy dat sy steeds nie belangstel nie.

Die uiteindelijke teikengroep besaan uit twee bejaardes. Die navorser is deur twee addisionele bejaardes genader wat vrywillig aan die projek wil deelneem.

Die teikengroep groei dus tot vier lede. Daar is on-offisiële luisteraars wat nie tot die teikengroep behoort nie en buite die raamwerk van die studie val, wat vrywilliglik op 'n ongereelde basis meedoen.

Daar is besluit dat die sittings tot die kamers van die betrokke bejaardes beperk word. 'n Steekproef is op een van die sonstoepe gedoen maar die geraas maak inbreuk op die bejaardes se konsentrasievermoë. Die sitkamer is ook nie privaat nie en onnodige steurnisse kom voor. Twee van die bejaardes is nie meer baie beweeglik nie en verkies om in hul bekende omgewing te bly.

4.3 Fisiese beskrywing van die teikengroep

4.3.1 Die bejaardes is bo die ouderdom van sewentig jaar.

4.3.2 Die betrokke bejaardes is eensaam.

4.3.3 Die teikengroep woon al vier in die tehuis vir bejaardes.

4,3,4 Geen psigiese steurnisse is onder die groep te bespeur nie.

4.3.5 Twee van die bejaardes beweeg moeilik buite die tehuis en is meestal kamergebonde.

4.3.6 Twee van die bejaardes lees glad nie meer self nie as gevolg van verswakte oë.

4.3.7 Een van die bejaardes is van 'n rolstoel afhanklik.

4.3.8 Alle lede van die teikengroep is Afrikaanssprekend.

4.4 Dokumentasie: metodologie en tydsindeling

4.4.1 Notas - dit is 'n baie volledige en getroue weergawe van die empiriese ondersoek.

4.4.2 Bandopnames - slegs steekproewe is gedoen, want faktore soos:

- 4.4.2.1 Min verbale kommunikasie
- 4.4.2.2 Skoonmaaksters wat raas
- 4.4.2.3 Onverwagte kuiergaste en
- 4.4.2.4 Swak akoestiek het bandopnames gekortwiek.

4.4.3 Ongestruktureerde vrae is aan die bejaardes gevra. Om te kan bepaal of die bejaardes wel eensaam is en of die voorlesing verligting bring, is ongestruktureerde vrae belangrik, want dit is die enigste manier om data te verifieer. Die vraelys is aangeheg en word volledig in hoofstuk vyf bespreek.

Die sessies strek oor 'n tydperk van ongeveer drie maande, sodat meer as een boek per bejaarde of groep aangebied kan word. Hierdie tydperk word onderverdeel in:

- 4.4.3.1 Sessies - een sessie is die tydsduur van een boek.
- 4.4.3.2 Sittings - een sitting is die tyd per week wat aan elke bejaarde afgestaan word vir voorlesing. Sittings word in detail geanaliseer in terme van:

4.4.3.2.1 Die teikengroep se reaksies soos waargeneem deur die navorser, ingedeel in die volgende kategorieë:

- i) belangstelling
- ii) aandagspan / konsentrasie
- iii) verbale kommunikasie, wat hardop lag en instemmende geluide, soos "mm" en uitroepe ook insluit.
- iv) nie-verbale kommunikasie
- v) onthouvermoë

4.4.3.2.2 Bevindinge van die navorser is gebaseer op die volgende biblioterapeutiese beginsels:

- i) identifikasie
- ii) insig
- iii) universalisasie
- iv) katarsis

4.5 Opvoeding, opleiding en sosiale agtergrond van die teikengroep

4.5.1 Bejaarde A

Bejaarde A is drie en tagtig jaar oud. Hy het op die platteland grootgeword en sy skoolopleiding aan 'n plaasskool voltooi. Hy het standerd ses behaal en help daarna sy ouers met die boerdery. Ongelukkig kan hy nou weens swaksienheid nie meer self lees nie. Hy is eensaam en is van die radio, sy vrou en vriende afhanklik vir kommunikasie. Hy het wel sy kleindogter as 'n gereelde besoeker, maar sy fisiese gestremdheid laat hom nie meer toe om die tehuis maklik te verlaat nie.

4.5.2 Bejaarde B

Bejaarde B is agt en sewentig jaar oud. Sy het 'n plaasskool bygewoon en haar skoolopleiding eindig by standerd ses. Van kindsbeen af het sy van boeke gehou en veral die biblioteek het haar op skool reeds beïndruk. Bejaarde B lees nog aktief maar wil graag deel hê aan die biblioterapieprogram. Sy en haar man word tydens hierdie studie as 'n groep behandel. Haar fisiese gesondheid is nie meer na wense nie, en sy gaan met uitsondering uit die tehuis na haar kinders. Sy en haar man is van mekaar se geselskap afhanklik. Sy brei graag en luister soms radio.

4.5.3 Bejaarde C

Bejaarde C is tagtig jaar oud. Sy is lankal 'n weduwee en het haar enigste dogter alleen grootgemaak. Sy ontvang haar skoolopleiding aan 'n plaasskool en voltooi standerd vyf. Sy woon nou in die tehuis vir bejaardes en deel 'n kamer met twee ander weduwees. Haar dogter en kleinkinders besoek haar gereeld en sy gaan nog gereeld op uitstappies. Bejaarde C besoek graag haar vriende in die woonstelle net buite die tehuis. Sy lees nog baie aktief maar vra die terapeut om vir haar te lees, want ten spyte van haar vermoëns is sy eensaam.

4.5.4 Bejaarde D

Bejaarde D is vier en tagtig jaar oud. Sy het haar skoolloopbaan aan 'n driemanskool in die omgewing van Rustenburg voltooi. Sy het standerd ses behaal en as die dogter van vooraanstaande ouers word sy baie welgesteld groot. Sy is reeds tien jaar lank 'n weduwee met twee stiefdogters en een eie seun. Sy is fisies nie meer in staat om die tehuis te verlaat nie. Haar kinders woon ver en sy sien hulle min. Sy hou wel telefonies en deur middel van briefwisseling met haar familie kontak. Sy is swaksiende en lees weinig self. Die Bybel en briewe word met moeite deur middel van 'n vergrootglas gelees. Bejaarde D is baie teruggetrokke van geaardheid en het nie baie vriende nie.

4.6 Leesbelangstellings van die bejaardes en boekkeuse met inagneming van eersgenoemde

4.6.1 Bejaardes A en B (getroude paar wat as groep behandel word)

Bejaarde A het 'n wye belangstelling wat veral humoristiese en historiese verhalende lektuur insluit. Bejaarde B lees self nog baie aktief. Sy het ook 'n wye leesbelangstelling. Sy gee voorkeur aan humoristiese en historiese verhalende lektuur. By die keuse van die boeke is dit belangrik om materiaal aan te bied wat vir haar minder bekend is om haar belangstelling te hou. "Oupa wil bemin" deur Johan Theron is 'n bundel kortverhale waarvan sommige humoristies en ander ernstig aangebied word. Hier word 'n keuse van drie verhale gemaak wat tydens drie sittings binne een sessie voorgelees word. "Hoogtepunte" saamgestel deur A.P Grove is 'n bundel kortverhale met onder andere historiese kortverhale. Slegs twee kortverhale word uit die bundel voorgelees naamlik, "Die joiner" deur J. van Melle en "Werkstaking by die kleigat" deur Toon van den Heever, wat twee sittings binne een sessie beslaan.

4.6.2 Bejaarde C

Sy het 'n wye leessaak maar keur verhale oor geweld en veral moord af. Sy verkies ligte liefdesverhale en kortverhale. Die terapeut besluit om "Blommetjies vir Bella" deur Elise Muller uit die bundel kortverhale "Vrou op die skuit" en Blydie Stander se "Ek en my kinders", 'n bundel sketse, vir haar voor te lees. Uit die bundel van Elise Muller word die een kortverhaal in een sitting voorgelees. Uit Blydie Stander se bundel word ses sketse in ses sittings binne een sessie voorgelees.

4.6.3 Bejaarde D

Bejaarde D lees glad nie meer self nie. Sy het 'n wye belangstellingsveld en gee nie voorkeur aan kort of lang verhale nie. Sy verkies dat verhale wat wreed is en moord

en doodslag insluit nie voorgelees word nie. Uit die bundel kortverhale van Elise Muller "Vrou op die skuit", word die kortverhaal "Blommetjies vir Bella" gekies. Hierdie kortverhaal word tydens een sitting binne een sessie voorgelees. "Uit juffrou se dagboek" deur Sita is die ander keuse vir bejaarde D wat in een sessie met twaalf sittings voorgelees word.

4.7 Praktiese uitvoering van biblioterapie

Die terapeut het reeds die bejaardes ontmoet en verduidelik wat met die projek beoog word, naamlik dat daar deur die terapeut aan die betrokke bejaardes individueel, met uitsondering van die getroude paar, voorgelees gaan word as deel van 'n studieprojek. Die bejaardes word nou prakties onderwerp aan biblioterapie en hul reaksies word volgens genoemde kategorieë waargeneem (4.4.3.2.1). Die bevindings word volgens die beginsels van biblioterapie (4.4.3.2.2) geanaliseer.

4.7.1 Sessies en sittings

4.7.1.1 Sessie 1: Oupa wil bemin en ander verhale

4.7.1.1.1 Sitting 1: Oupa wil bemin

4.7.1.1.1.1 Bejaarde A - spesifieke reaksies

- a) **Belangstelling:** Sy belangstelling word geprikkel deur die kortverhaal.
- b) **Aandagspan:** Hy konsentreer en luister met aandag na die kortverhaal.
- c) **Verbale kommunikasie:** Hy beaam sy vrou se aanmerkings.

- d) Nie-verbale kommunikasie: Sy liggaamshouding en gesigsuitdrukkings toon sy meegevoel met die hoofkarakter.
- e) Onthou vermoë: Hy onthou die kortverhaal baie goed.

4.7.1.1.1.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Hy identifiseer met die hoofkarakter omdat hy ook bejaard is en ook kinders het.
- b) Insig: Bejaarde A het insig in die probleme van Oupa want hy beaam sy vrou se aanmerkings.
- c) Universalisasie: Word nie waargeneem nie.
- d) Katarsis: Word nie waargeneem nie.

4.7.1.1.2 Sitting 2: Die liefde kry 'n stootjie

4.7.1.1.2.1 Bejaarde A - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Bejaarde A is gretig om die verhaal te hoor.
- b) Aandagspan: Hy luister met goeie konsentrasie.
- c) Verbale kommunikasie: Hy maak instemmende geluide wat beteken dat hy die verhaal volg en verstaan.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Hy glimlag vir die humor in die verhaal.
- e) Onthou vermoë: Sy geheue is nog goed wat die vorige verhaal betref, want hy gesels met ander bejaardes daarvoor as die terapeut weg is.

4.7.1.1.2.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Bejaarde A identifiseer met die situasie, want hy het ook op 'n plaas grootgeword.
- b) Insig: Hy maak instemmende geluide wat beteken dat hy

die gebeure in die verhaal verstaan en begrip vir Boetman se probleme het.

- c) Universalisasie: Hy beaam sy vrou se aanmerkings wat moontlike universalisasie kan beteken.
- d) Katarsis: Geen waarneembare katarsis vind plaas nie.

4.7.1.1.3 Sitting 3: 'n Belofte is 'n belofte

4.7.1.1.3.1 Bejaarde A - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Hy sit effens geboë om beter te hoor, en toon so sy belangstelling in die meer ernstige verhaal.
- b) Aandagspan: Hy sit doodstil en gee onverdeelde aandag.
- c) Verbale kommunikasie: Hy beaam sy vrou se aanmerkings.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Sy liggaamshouding toon dat hy aandag gee.
- e) Onthou vermoë: Sy geheue is nog besonder goed. Hy gesels oor die vorige kortverhaal wat gelees is.

4.7.1.1.3.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Die hoofkarakter in die verhaal is ook 'n bejaarde en identifikasie vind maklik plaas. Bejaarde A is ook 'n grootouer met kleinkinders, wat ook maar dieselfde probleme kan hê.
- b) Insig: Hy vind die verhaal "mooi" wat sy insig in die gebeure toon.
- c) Universalisasie: Nie merkbare universalisasie vind plaas nie.
- d) Katarsis: Geen katarsis word waargeneem nie.

4.7.1.2 Sessie 2: Hoogtepunte

4.7.1.2.1 Sitting 1: Die joiner

4.7.1.2.1.1 Bejaarde A - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Hoewel bejaarde A op die bed lê, luister hy met gretige belangstelling.
- b) Aandagspan: Hy konsentreer hard gedurende die voorlesing.
- c) Verbale kommunikasie: Hy lewer kommentaar met die woorde "dit is mooi".
- d) Nie-verbale kommunikasie: Met die knik van sy kop toon hy dat hy die verhaal volg.
- e) Onthou vermoë: Hy kan die kortverhale onthou.

4.7.1.2.1.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Die agtergrond waarteen die verhaal afspeel is vir die bejaarde nie vreemd nie. Hy identifiseer maklik met die situasie.
- b) Insig: Bejaarde A het vanweë sy belangstelling in historiese verhale goeie insig in die verhaal en die hoofkarakter se probleme.
- c) Universalisasie: Daar is geen opsigtelike universalisasie by die bejaarde nie.
- d) Katarsis: Hierdie proses vind nie waarneembaar plaas nie.

4.7.1.2.2 Sitting 2: Werkstaking by die kleigat

4.7.1.2.2.1 Bejaarde A - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Bejaarde A is die ene belangstel-

ling; hy is gretig om die verhaal te hoor.

- b) Aandagspan: Hy luister met intense konsentrasie.
- c) Verbale kommunikasie: Die titel van die kortverhaal laat bejaarde A aan 'n humoristiese vertelling dink, wat hy dan net daar vertel.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Hy het 'n glimlag op sy gesig gedurende die voorlesing.
- e) Onthouvermoë: Die verhaal bly hom by omdat hy dit baie interessant vind.

4.7.1.2.2.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Bejaarde A identifiseer maklik met die gebeure asook met die blanke seuntjie in die verhaal. Die verhaal herinner hom aan sy prille jeug.
- b) Insig: Hy toon insig in die gebeure deur vir die humor te lag.
- c) Universalisasie: Dit is nie opmerklik waarneembaar nie.
- d) Katarsis: Die proses vind nie waarneembaar plaas nie.

4.7.1.3 Sessie 1: Oupa wil bemin en ander verhale

4.7.1.3.1 Sitting 1: Oupa wil bemin

4.7.1.3.1.1 Bejaarde B - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Sy stel belang in die verhaal.
- b) Aandagspan: Sy luister met volle aandag.
- c) Verbale kommunikasie: Sy toon haar meelewing met die hoofkarakter deur te sê dat ou mense nie liefde gegun word nie. Sy lag maklik hardop vir die komiese in die verhaal.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Sy glimlag met tussenposes.
- e) Onthouvermoë: Sy onthou die kortverhaal goed.

4.7.1.3.1.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Sy identifiseer met die ou man omdat sy 'n grootouer is en sy ook kinders het.
- b) Insig: Bejaarde B het goeie insig in die verhaal en in die probleem van Oupa omdat sy kinders se selfsug wel deeglik besef.
- c) Verbale kommunikasie: Bejaarde B lewer maklik kommentaar deur van kinders se selfsug te praat teenoor hul ouers.
- d) Universalisasie: Bejaarde B universaliseer die probleem van Oupa deurdat sy die probleem as algemeen van kinders se houding teenoor hul ouers sien.
- e) Katarsis: Sy het die feit dat kinders soms selfsugtig is reeds aanvaar en berus. Katarsis vind hier plaas.

4.7.1.3.2 Sitting 2: Die liefde kry 'n stootjie

4.7.1.3.2.1 Bejaarde B - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Dit is 'n humoristiese aanbieding wat haar belangstelling beslis wek.
- b) Aandagspan: Sy luister so intens dat haar breiwerk agterweë bly.
- c) Verbale kommunikasie: Bejaarde B geniet die humor in die verhaal en lag hardop en beskou die ouers se streng optrede in die verhaal as tiperend van daardie spesifieke tyd.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Sy hou haar blik op die voorleser gevestig sodat niks vir haar verlore gaan nie.
- e) Onthouvermoë: Sy vergeet nie die verhaal nie.

4.7.1.3.2.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Die identifikasie met die gebeure in die verhaal is vir bejaarde B maklik, want sy het ook op 'n plaas grootgeword. Sy ken die ou mense wat so onredelik streng kon wees.
- b) Insig: Sy het goeie insig in die verhaal veral omdat sy die komiese so geniet en haar simpatie so duidelik by die seun lê.
- c) Universalisasie: Sy veralgemeen die probleem van Boet met sy ouers as tipies van die ou mense in daardie tyd.
- d) Katarsis: Katarsis vind nie opmerklik plaas nie.

4.7.1.3.3 Sitting 3: 'n Belofte is 'n belofte

4.7.1.3.3.1 Bejaarde B - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Sy stel belang in die verhaal.
- b) Aandagspan: Bejaarde B gee haar volle aandag.
- c) Verbale kommunikasie: Volgens haar kommentaar is die verhaal treurig maar tog nodig om na te luister.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Haar gesigsuitdrukking toon dat sy aandag gee.
- e) Onthouvermoë: Bejaarde B onthou die verhale maklik.

4.7.1.3.3.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Sy identifiseer maklik met die hoofkarakter in die kortverhaal wat ook 'n ouma net soos bejaarde B is en die belange van haar kleinkind op die hart dra.
- b) Insig: Sy toon insig in die bekommernis van die hoofkarakter oor haar kleinseun, want sy is ook maar 'n ouma met kommer oor haar kleinkinders.

- c) Universalisasie: Die verhaal is vir haar "treurig" en baie na aan die werklikheid. Vir haar is dit die verloop van die lewe en sy universaliseer dus dat dit maar almal se heenkome is.
- d) Katarsis: Die feit dat sy die verhaal deurleef en dit as die werklikheid sien kan beteken dat sy die gebeure aanvaar en katarsis beleef.

4.7.1.4 Sessie 2: Hoogtepunte

4.7.1.4.1 Sitting 1: Die joiner

4.7.1.4.1.1 Bejaarde B - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Sy toon belangstelling in die verhaal deur te luister.
- b) Aandagspan: Sy lê op die bed en gee haar volle aandag.
- c) Verbale kommunikasie: Historiese verhale is een van haar voorkeure. Sy uiter 'n sug met "ja", en "dis swaar" is haar kommentaar as sy simpatiseer met die hoofkarakter.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Haar hande beweeg as sy verbaal kommunikeer.
- e) Onthou vermoë: Sy onthou die inhoud van die kortverhaal.

4.7.1.4.1.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Sy identifiseer met die agtergrond wat deur haar belangstelling of oorvertelling aan haar bekend is.
- b) Insig: Sy volg die kortverhaal en met kommentaar toon sy dat sy insig in die situasie het.

- c) Universalisasie: Geen universalisasie vind plaas nie.
- d) Katarsis: Geen katarsis word waargeneem nie.

4.7.1.4.2 Sitting 2: Werkstaking by die kleigat

4.7.1.4.2.1 Bejaarde B - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Die verhaal vind die nodige belangstelling by die bejaarde. Sy glimlag en luister.
- b) Aandagspan: Sy gee haar volle aandag. Sy handhaaf goeie konsentrasie.
- c) Verbale kommunikasie: Sy lag baie en geniet die humor in die verhaal. Pens is vir haar die verpersoonliking van 'n aangename tydperk in haar lewe, toe 'n "kaffer nog 'n kaffer was". (Die navorser distansieer haar van dié standpunt hoewel dit duidelik nie rassisties bedoel is nie).
- d) Nie-verbale kommunikasie: Sy glimlag en hou die voorleser fyn dop.
- e) Onthouvermoë: Die verhaal maak 'n blywende indruk op haar.

4.7.1.4.2.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Die milieu is vir haar bekend en identifikasie vind maklik plaas.
- b) Insig: Sy het insig in die gebeure want sy geniet die verhaal en word deur die karakters na haar jeug teruggevoer.
- c) Universalisasie: Sy kom tot die besef dat sy ook oud geword het, en dat almal maar smag na hul jeug.
- d) Katarsis: Sy besef dat haar jeug verby is, maar sy kan nog die herinneringe geniet.

4.7.1.5 Sessie 1: Ek en my kinders

4.7.1.5.1 Sitting 1: Vyf is te veel

4.7.1.5.1.1 Bejaarde C - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Bejaarde C is gretig om die sketse te hoor.
- b) Aandagspan: Sy gee haar volle aandag tydens die voorlesing.
- c) Verbale kommunikasie: Die skets is vir haar "kostelik". Sy lag maklik hardop en geniet die humor in die skets.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Met 'n knik van haar kop toon sy dat sy die verhaal volg en verstaan.
- e) Onthou vermoë: Sy het 'n goeie geheue en dus geen probleme om die sketse te onthou nie.

4.7.1.5.1.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Sy identifiseer maklik met die hoofkarakter in die skets, naamlik die weduwee.
- b) Insig: Bejaarde C het goeie insig in die skets. Sy begryp die probleme van 'n weduwee omdat sy self een is.
- c) Universalisasie: Sy universaliseer die gebeure want volgens haar mening het alle weduwees maar soortgelyke probleme, veral waar kinders betrokke is.
- d) Katarsis: Sy het lank reeds haar weduweeskop aanvaar en die skets herinner haar weer aan die swaar waarvoor mens nou kan lag.

4.7.1.5.2 Sitting 2: Ouma Blommetjie

4.7.1.5.2.1 Bejaarde C - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Sy stel intens belang in die sketse. Sy vra dat ons die tweede skets moet lees.
- b) Aandagspan: Sy gee goed aandag gedurende die sitting. Sy reageer maklik op die skets.
- c) Verbale kommunikasie: Sy geniet die skryfstyl van die skrywer. Sy lag hardop vir die hoofkarakter in die skets, genaamd Ouma Blommetjie.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Bejaarde C hou die terapeut stip dop en verbreek nie haar konsentrasie nie.
- e) Onthouvermoë: Dit is uitstekend. Sy leef haar in die skets in en onthou al die gebeure.

4.7.1.5.2.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Die bejaarde identifiseer met die hoofkarakter in die skets. Sy is 'n ouma en het ook kleinkinders.
- b) Insig: Sy het goeie insig in die gebeure en verwys maklik na haarself as een wat die ondervinding met die hoofkarakter kan deel.
- c) Universalisasie: Universalisasie vind moontlik in die skets plaas. Sy aanvaar haar weduweeskap en besef dat dit 'n algemene verskynsel is.
- d) Katarsis: Katarsis vind moontlik hier plaas, omdat bejaarde C haar weduweeskap aanvaar en in haar omstandighede berus.

4.7.1.5.3 Sitting 3: Ma gaan skool

4.7.1.5.3.1 Bejaarde C - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Die skets prikkel bejaarde C se belangstelling. Sy is gretig om die skets te hoor.

- b) Aandagspan: Sy gee haar onverdeelde aandag. Sy geniet die sketse terdeë en wil graag alles hoor.
- c) Verbale kommunikasie: Die skets is "oulik" en sy lag ook hardop.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Met die knik van haar kop toon sy dat sy die skets volg.
- e) Onthou vermoë: Sy onthou die skets goed. Sy weet wat die vorige sitting gelees is.

4.7.1.5.3.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Dit vind maklik plaas. In hierdie skets is Ma die hoofkarakter en bejaarde C het ook op haar dae "skool gegaan".
- b) Insig: Sy het heeltemal insig in die gebeure en die probleme van die hoofkarakter, want sy onthou nog haar eie probleme soos gister.
- c) Universalisasie: Daar is moontlik universalisasie, omdat sy die weduwee se probleme so goed verstaan, en terdeë daarvan bewus is dat dit nie uniek is nie.
- d) Katarsis: Hier vind nie waarneembare katarsis plaas nie.

4.7.1.5.4 Sitting 4: Ma kry 'n skiet

4.7.1.5.4.1 Bejaarde C - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Bejaarde C stel intens belang in die sketse.
- b) Aandagspan: Sy konsentreer hard, want sy is bang dat sy iets kan misloop.
- c) Verbale kommunikasie: Vir haar is die skets "mooi". Sy lag ook hardop vir al die kritiek wat Ma kry.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Sy gee al haar aandag en sit regop op die stoel.

e) Onthouvermoë: Sy onthou die sketse baie goed.

4.7.1.5.4.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Sy identifiseer met die gebeure rondom Ma en geniet die kritiek wat Ma ontvang.
- b) Insig: Sy het insig in die skets. Sy lag vir die humor en sy is jammer vir Ma wat so onbeholpe is oor haar skiet.
- c) Universalisasie: Nie waarneembare universalisasie nie.
- d) Katarsis: Nie waarneembare katarsis nie.

4.7.1.5.5 Sitting 5: Stiefma sê les op

4.7.1.5.5.1 Bejaarde C - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Sy stel belang in die skets en wil dit graag hoor.
- b) Aandagspan: Sy konsentreer hard en luister met onverdeelde aandag.
- c) Verbale kommunikasie: Sy lag hardop en geniet die humor in die verhaal. Sy wil ook liever dat die voorleser die skets voorlees "dis mooier as jy dit lees": sê sy.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Sy knik haar kop en dui aan dat sy die skets verstaan en volg.
- e) Onthouvermoë: Sy onthou die skets baie goed.

4.7.1.5.5.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Sy identifiseer maklik met die hoofkarakter. Sy leef saam met Ma deur al die gebeure rondom die kinders.

- b) Insig: Sy het goeie insig in die probleme van Ma en haar kinders. Sy is self 'n ma en dieselfde situasie doen hom onder eie kinders ook voor.
- c) Universalisasie: Sy beseft dat die gebeure in die skets ook in ander huise voorkom en dus nie uniek is nie.
- d) Katarsis: Nie waarneembare katarsis vind plaas nie.

4.7.1.5.6 Sitting 6: Dokka en die doekkombers

4.7.1.5.6.1 Bejaarde C - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Bejaarde C stel intens daarin belang om die sketse te hoor. Sy is nog glad nie verveeld nie.
- b) Aandagspan: Haar aandag is nog met elke sitting onverdeeld by die voorlesing.
- c) Verbale kommunikasie: Sy lag telkemale hardop en geniet Ma se wedervaringe terdeë.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Sy is ontspanne en gee haar volle aandag.
- e) Onthou vermoë: Sy het nog 'n goeie geheue en onthou sketse.

4.7.1.5.6.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Bejaarde C identifiseer maklik met die hoofkarakter in die skets, naamlik Ma. Ma laat haar ver terugdink aan haar eie getroude lewe.
- b) Insig: Sy het insig in die verhaal. Sy verstaan en geniet die wedervaringe van Ma en haar man en haar kroos.
- c) Universalisasie: Moontlike universalisasie vind by bejaarde C plaas. Sy herleef deur Ma van haar eie

wedervaringe wat sy sekerlik as algemeen sien.

- d) **Katarsis:** Geen waarneembare katarsis vind hier plaas nie.

4.7.1.6 Sessie 2: Vrou op die skuit

4.7.1.6.1 Sitting 1: Blommetjies vir Bella

4.7.1.6.1.1 Bejaarde C - spesifieke reaksies

- a) **Belangstelling:** Bejaarde C toon die nodige belangstelling om die verhaal te hoor.
- b) **Aandagspan:** Sy luister met volle aandag na die verhaal.
- c) **Verbale kommunikasie:** Met instemmende geluide toon sy dat sy deur die verhaal geboei word.
- d) **Nie-verbale kommunikasie:** Met haar gesigsuitdrukings wys sy dat sy die verhaal volg.
- e) **Onthou vermoë:** Die verhaal is vir haar "mooi" en sy onthou dit in breë trekke.

4.7.1.6.1.2 Bevindinge

- a) **Identifikasie:** Bejaarde C identifiseer met die karakters. Hulle is later in die verhaal bejaarde weduwees, net soos bejaarde C.
- b) **Insig:** Sy het insig in die twee karakters se stryd om beter liefdadigheidswerk te verrig en dan met mekaar te wedywer in dié proses, omdat sy self liefdadigheidswerk onder mede bejaardes verrig.
- c) **Universalisasie:** Sy sien die optrede van tant Bella en tant Wiesie as tipies van hul omgewing.
- d) **Katarsis:** Geen waarneembare katarsis nie.

4.7.1.7 Sessie 1: Vrou op die skuit

4.7.1.7.1 Sitting 1: Blommetjies vir Bella

4.7.1.7.1.1 Bejaarde D - spesifieke reaksies

- a) Belangstelling: Bejaarde D is aanvanklik nie geïnteresseerd nie, maar die kortverhaal boei haar mettertyd.
- b) Aandagspan: Sy luister met volle aandag en geniet die kortverhaal.
- c) Verbale-kommunikasie: Sy vind die verhaal mooi en so tipies plattelands. Die een wil beter as die ander wees.
- d) Nie-verbale kommunikasie: Met die nodige oogkontak en ontspanne liggaamshouding toon sy dat sy die verhaal volg.
- e) Onthouvermoë: Sy onthou die kortverhaal.

4.7.1.7.1.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Die karakters is nie moeilik om mee te identifiseer nie, want hulle tree op soos plattelanders naamlik vrygewig en gewillig om te help.
- b) Insig: Sy geniet die tantes se wedervaringe.
- c) Universalisasie: Geen waarneembare universalisasie nie.
- d) Katarsis: Geen waarneembare katarsis vind hier plaas nie.

4.7.1.8 Sessie 2: Uit juffrou se dagboek

Die sittings van hierdie boek word nie van mekaar geskei nie, maar as geheel behandel om onnodige herhaling van data te voorkom.

4.7.1.8.1 Sitting 1 - 12

4.7.1.8.1.1 Bejaarde D - spesifieke reaksies

- a) **Belangstelling:** Die verhaal prikkel haar belangstelling omdat sy self aan 'n plaasskooltjie haar opleiding ontvang het. Die milieu waarteen die verhaal afspeel is vir haar as bejaarde ook nie vreemd nie. Sy het self op 'n plaas grootgeword en skoolgegaan.
- b) **Aandagspan:** Sy gee haar volle aandag tydens al die sittings. Sy is baie gretig om die verhaal te hoor en handhaaf deurentyd intense konsentrasie.
- c) **Verbale kommunikasie:** Sy lewer deurentyd verbale kommentaar. Na die eerste sitting wil sy weer die hoofkarakter se vreemde van weet, want sy lê en dink oor die verhaal. Na die vyfde sitting sê sy dat die verhaal vir haar "mooi" is. Haar simpatie met die armoede van die kinders kom veral na vore met die woorde: "Ag Here dis vreeslik," gedurende die agtste sitting. Tydens die negende sitting toon sy haar simpatie met die swaarkry van die kinders met die woorde: "foeitog" en "haai".
- d) **Nie-verbale kommunikasie:** Sy glimlag tydens die eerste sitting waar die oom nie die juffrou se van kan uitspreek nie. Sy geniet die humor in die verhaal en glimlag telkemale as sy die verhaal komies vind. Sy knik haar kop om aan te dui dat sy die verhaal begryp.
- e) **Onthouvermoë:** Haar geheue is verbasend goed. Sy het deur al die sittings van die verhaal gehou. Sy geniet die verhaal so dat sy daaraan dink as die voorleser weg is, en onthou daardeur die verloop van die verhaal.

4.7.1.8.1.2 Bevindinge

- a) Identifikasie: Sy identifiseer met die hoofkarakter in die verhaal en leef met haar deur al die swaarkry en vreemde aanpassings heen. Sy identifiseer ook met die agtergrond, want sy was self in 'n driemanskooltjie op die plaas. Waarmee bejaarde C nie kan identifiseer nie, is die omstandighede waarteen die verhaal hom afspeel, naamlik die armoede van sommige van die skoolkinders.
- b) Insig: Sy het insig in die verhaal. Sy toon haar simpatie tydens die voorlesing. Sy geniet die humor in die verhaal. Sy het begrip vir die oom se optrede teenoor die juffrou voor hy met huisgodsdienst begin. Die mense is nog opreg en baie konserwatief in hul optrede. Sy toon begrip vir die armoede waarmee die skooljuffrou te doen kry, alhoewel sy welgesteld groot geword het.
- c) Universalisasie: Sy kom tot die besef dat almal in die lewe nie geseënd is met finansiële gerief nie, maar dat werklike armoede ook bestaan. Vir haar is dit aanvaarbaar dat almal nie ryk kan wees nie.
- d) Katarsis: Sy het nou meer begrip vir die armes om haar, want vroeër was dit vir haar vanselfsprekend dat almal kos het om te eet. Selfs aan koud slaap het sy nie gedink nie. Sy ervaar katarsis tydens die voorles van hierdie verhaal. Haar woorde: " Ag Here dis vreeslik" toon duidelik haar besef dat daar mense is wat met minder as sy moet klaarkom.

4.8 Samevatting

Die volgende bevindinge word gemaak:

- 4.8.1 Verskillende bejaardes reageer verskillend op biblioterapie.
- 4.8.2 Voorlees geniet by die bejaarde voorkeur.
- 4.8.3 Die teikengroep het almal met die verhale kon identifiseer en het ook goeie insig in die verhale en sketse wat vorgelees is, getoon.
- 4.8.4 Universalisasie is nie altyd waarneembaar nie.
- 4.8.5 Katarsis vind ook nie altyd tydens die praktiese aanbieding van biblioterapie plaas nie.
- 4.8.6 Die gekose boeke het almal byval gevind by die teikengroep.
- 4.8.7 Die teikengroep gee te kenne dat hulle by die biblioterapie baat, want dit verlig hulle eensaamheid. Dit kan dus met vrug op hulle toegepas word.

HOOFSTUK 5

BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding

Bevindinge en aanbevelings word gemaak met spesifieke verwysing na die oorspronklike seleksiegroep sowel as die oorspronklike teikengroep binne die algemene raamwerk van die studie, wat uitgebrei kan word op die situasie van die bejaarde in die algemeen. Die oorspronklike seleksiegroep word nie konsekwent behandel nie, maar dien as verwysingsgroep of voorbeeld betreffende die biblioterapeutiese voorbereiding op spesifieke probleme in hierdie ouderdomsgroep. Die seleksiegroep word hier in ag geneem in terme van sosiale, fisiese en psigiese probleme wat biblioterapie onmoontlik maak. In hierdie betrokke ouderdomsgroep van sewentig jaar en ouer kry die biblioterapeut noodwendig te doen met probleme en terugslae wat hier meer frekwent voorkom, in so 'n mate dat biblioterapie dikwels onverwags onmoontlik en / of ongeleë word.

5.2 Behoeftes en probleme

5.2.1 Kommunikasie

5.2.1.1 Bevindinge

Nie-verbale kommunikasie is baie prominent tydens hierdie studie onder die betrokke bejaardes. Hierdie ouderdomsgroep is baie stug en kommunikeer nie eers veel onder mekaar nie. Bejaardes B en C kommunikeer verbaal spontaner as A en D. Bejaarde D is aanvanklik baie

skepties en moeilik om mee te kommunikeer, terwyl A tydens biblioterapie slegs op sy vrou se aanmerkings reageer.

5.2.1.2 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings word gemaak:

5.2.1.2.1 Die biblioterapeut moet as gevolg van die aard van biblioterapie en die teikengroep op die lees van die verhaal konsentreer eerder as op die analise van die boek.

5.2.1.2.2 Dit is belangrik om te let op die aandag wat bejaardes gee. Dit dui aan dat eensaamheid verlig word as hulle luister (verwys na vraelys).

5.2.1.2.3 Die terapeut moet geduld en tyd beskikbaar stel om oor ander onderwerpe as die boek te kommunikeer na gelang van die wisselende behoeftes van die bejaardes, aangesien dit belangrik is om die bejaardes se eensaamheid te verlig en nie net rigiede leessessies aan te bied nie. Die terapeut moet dus 'n goeie kommunikasieverhouding met die respondente opbou.

5.2.2 Sekuriteit

5.2.2.1 Bevindinge

Die teikengroep is fisies en psigies goed versorg in 'n stabiele sosiale omgewing. Daar is goeie mediese versorging en daar is geen probleme in die opsig nie.

5.2.2.2 Aanbevelings

Sekuriteit is nie uitermate belangrik vir hierdie projek

nie, maar kan belangrik word onder ander omstandighede.ⁱ
Hierdie waarneming val buite die raamwerk van die studie.

5.2.3 Fisiese gesondheid

5.2.3.1 Bevindinge

Die teikengroep is oor die algemeen gesond, hoewel daar 'n onderbreking voorgekom het van twee weke by bejaarde C wat gehospitaliseer is. Bejaarde A was ook siek ten tye van die voorlesings, maar sy toestand het geen negatiewe uitwerking op biblioterapie nie. Om 'n meer algemene indruk oor die fisiese gesteldheid van bejaardes en die uitwerking daarvan op biblioterapie te kry, verwys na 4.2.4.2 (i), (ii), (iii) en (iv) waar fisiese gebreke en ongesteldheid onoorbrugbare probleme geskep het.

5.2.3.2 Aanbevelings

Dit word aanbeveel dat daar gelet moet word op skielike veranderinge in die fisiese toestand van die bejaarde en wat onderbrekings in biblioterapie kan veroorsaak. Onderbrekings is nie noodwendig onoorkombaar vir biblioterapie nie.

5.2.4 Psigiese gesondheid

5.2.4.1 Bevindinge en aanbevelings.

Die teikengroep is psigies gesond, anders sou biblioterapie om verstaanbare redes bemoeilik word en in sommige gevalle selfs onmoontlik.

5.2.5 Betrokkenheid by die gemeenskap

5.2.5.1 Bevindinge

Die teikengroep is betreklik ledig en geïsoleerd van die samelewing. Bejaardes A, B en D is net in kontak met hul kinders terwyl bejaarde C nog sosiaal aktief is. Ten spyte van hierdie interaksie met familie en vriende is die teikengroep nogtans eensaam.

5.2.5.2 Aanbevelings

Dit word aanbeveel dat die aktiewe bejaarde nie van biblioterapie uitgesluit moet word nie, omdat eensaamheid ook wel by sosiaal aktiewe bejaardes kan voorkom.

5.2.6 Persoonlikheid

5.2.6.1 Bevindinge

Alle persoonlikhede kom voor onder bejaardes. Toe die seleksiegroep saamgestel is, is daar teenkanting van sommige bejaardes ondervind (verwys na 4.2.4.2 (v) en (vi)). Bejaarde D is aanvanklik baie bot, stug en skepties maar reageer uiteindelik positief op biblioterapie en vind baat daarby.

5.2.6.2 Aanbevelings

Tydens biblioterapie moet die biblioterapeut voorbereid wees op enige reaksie, veral weerstand, want bejaardes is skepties teenoor alle vreemde ervarings. Dit word verder aanbeveel dat die terapeut moeite doen om 'n vertrouwensverhouding op te bou deur baie geduld te beoefen en opregte

belangstelling te toon sodat 'n weerstandsverhouding by die bejaarde jeens die terapie in 'n positiewe houding verander kan word.

5.3 Seleksie van die lektuur

5.3.1 Bevindinge

Die lektuur wat die bejaardes self selekteer om selfstandig te lees, stem in die algemeen ooreen met hul voorlees-sowel as selfleesmaak. Hierby word temas, inhoud en morele standaarde in ag geneem.

5.3.2 Aanbevelings

Dit word aanbeveel dat lektuur vir selfleesdoeleindes sowel as voorleesdoeleindes oor die algemeen tematies moet korrespondeer met die lektuur wat bejaardes onafhanklik vir selfstandige leesdoeleindes selekteer.

5.4 Grootte van die teikengroep

5.4.1 Bevindinge

Die grootte van die teikengroep is relatief. Vir voorleesterapie is die persoonlike kontak met die bejaarde belangrik, en is biblioterapie met 'n groep groter as twee ongewens. Die bejaardes leer die terapeut ken en kommunikeer op 'n baie meer persoonlike vlak in 'n klein groepie of as enkeling. Selfleesterapie is nie tydens hierdie studie getoets nie. Die terapeut kon soveel bejaardes akkomodeer in die terapieprogram as wat vir die projek nodig was.

5.4.2 Aanbevelings

Dit word aanbeveel dat:

5.4.2.1 die bejaardes in hierdie ouderdomsgroep nie in groot groepe gehanteer word nie;

5.4.2.2 hulle nie fisies saam gegroep word nie, want dit is nie altyd moontlik nie en ook nie wenslik nie;

5.4.2.3 die keuse van groeps- of individuele terapie aan die betrokke bejaardes oorgelaat word.

5.5 Omgewing

5.5.1 Bevindinge

Die immobiliteit van sommige bejaardes in hierdie ouderdomsgroep beperk die biblioterapie tot 'n meer bekende omgewing - hul kamers. Daar is altyd die probleem van privaatheid wat nie maklik bekombaar is nie, want daar is nie spesifieke lokale vir biblioterapie nie. Geraas bly maar altyd 'n steurnis tydens terapie in die kamer. Die teikengroep is nie groepsgeoriënteer nie en verkies die bekende omgewing van hul kamer.

5.5.2 Aanbevelings

Omdat ander lokale nie altyd beskikbaar is of privaatheid daar gehandhaaf kan word nie, word aanbeveel dat biblioterapie aangebied word in die bejaarde se kamer of woonplek. Individuele aandag in 'n bekende omgewing is doeltreffender as biblioterapie in 'n onpersoonlike lokaal.

5.6 Opleiding

5.6.1 Bevindinge

Bejaardes in hierdie ouderdomsgroep se opleiding is op 'n betreklik lae vlak, maar behoort waarskynlik nie saak te maak vir biblioterapie nie. Die teikengroep het 'n opleidingspeil van standaard ses, maar dit was geen merkbare hindernis tydens terapie nie.

5.6.2 Aanbevelings

Dit word aanbeveel dat bejaardes nie op grond van opleidingsvlak geselekteer word nie.

5.7 Tyd

5.7.1 Bevindinge

Meer tyd kan aan terapie met bejaardes gespandeer word. Die sittings kan nie rigied afgebaken word nie, want sommige bejaardes wil meer van die verhaal hoor as wat die terapeut beplan het om voor te lees. Lede van die teikengroep wil graag meer tyd met die terapeut spandeer om oor eie of alledaagse probleme te gesels.

Bejaardes in ouetehuse hou nie by rigiede tydroosters wat uitstappies en besoeke betref nie. Hierdie aksies sou kon inmeng. Dit is egter nie 'n onoorkomelike hindernis nie.

5.7.2 Aanbevelings

Dit word aanbeveel dat 'n vaste tydrooster gevolg word, maar onderbrekings moet geakkomodeer kan word.

5.8 Praktiese toepassing van biblioterapie

5.8.1 Bevindinge

Alhoewel teruslae tydens die ondersoek in sommige gevalle voorkom waar terapie onmoontlik was, word die studie oor die algemeen as suksesvol beskou, omdat daar duidelik getoon is dat biblioterapie verligting kon bring.

5.8.2 Aanbevelings

Dit word aanbeveel dat munisipaliteite voltydse poste vir opgeleide terapeute behoort te skep om diens by sentra vir bejaardes te lewer. Verskillende sentra binne die munisipale gebied kan moontlik gelyktydig deur een terapeut hanteer word.

5.9 Bevindinge en aanbevelings ten opsigte van die terapeut self

Die terapeut is net so belangrik soos die boek self. Die fisiese teenwoordigheid van die terapeut is essensieel vir die terapie. Voorlees as terapie is betekenisvol vir daaropvolgende selfleestherapie, omdat die bejaarde hierdeur 'n vertrouensverhouding met die terapeut opbou, en dus makliker aanbevole lektuur self sal lees. Die terapeut moet met bejaardes kan werk en 'n opgeleide bibliotekaris wees om goeie en effektiewe seleksie van materiaal te verseker.

5.10 Bespreking van die ongestruktureerde vraelys (sien bylaag)

5.10.1 Die vraelys is aangewend om terugvoering van die

bejaardes self te verkry en te verifieer dat eensaamheid by die teikengroep deur voorlees verlig is.

5.10.2 Vraelys

Vraag 1: Word julle eensaamheid verlig?

Bevindinge

Die respons toon dat alle lede van die teikengroep se eensaamheid verlig word. Hiermee erken hulle pertinent dat eensaamheid onder bejaardes voorkom en deur voorlees verlig kan word.

Vraag 2: Van watter verhale het julle die meeste gehou?

Bevindinge

Die teikengroep het van al die verhale gehou wat voorgelees is en het uitdrukking gegee aan dit wat vir hul treffend was in sekere verhale, soos veral humor.

Vraag 3: Het die geraas tydens die sittings gepla?

Bevindinge

Geraas is 'n steurnis wat in aanmerking geneem moet word by biblioterapie. Die kamers moet skoongemaak word wat dus 'n algemene probleem bly. Die interkomstelsel is ook dikwels hinderlik.

Vraag 4: Het die voorleser op die mees geskikte tyd gekom?

Bevindinge

Die terapeut het nie altyd op die geskikste tyd opgedaag nie. Die terapeut en die skoonmaaksters se tyd oorvleuel dikwels. Dit het nie enige noemenswaardige negatiewe uitwerking op die biblioterapie gehad nie, maar is 'n hindernis as biblioterapie in die oggend aangebied word.

Vraag 5: Moes die voorleser meer keer per week gekom het?

Bevindinge

Die hele teikengroep verkies dat die terapeut meer keer per week biblioterapie kom toepas.

Vraag 6: Was die sittings te lank?

Bevindinge

Die terapisittings was nie te lank nie.

Vraag 7: Is die verhale verstaanbaar?

Bevindinge

Die hele teikengroep het al die verhale verstaan. Die navorser se seleksie van die lektuur was dus geskik.

Vraag 8: Gesels of dink julle oor die verhale as die voorleser weg is?

Bevindinge

Die verhale het kommunikasie en vriendskappe bevorder.

Bejaarde D is 'n swak kommunikeerder en het iets gehad om haar gedagtes mee besig te hou.

5.11 Slotopmerking

Die studie het bewys dat bejaardes in hierdie ouderdomsgroep wel eensaam is ongeag hul sosiale aktiwiteite, en dat daar 'n pertinente behoefte aan biblioterapie bestaan. Ten opsigte van die seleksie van lektuur word fiksie sterk aanbeveel en veral humoristiese kortverhale omdat die teikengroep by uitstek positief hierop gereageer het. As gevolg van die tydspek en die feit dat bejaardes nie altyd aan 'n spesifieke tydrooster gebonde kan wees nie, word 'n voltydse biblioterapeut per munisipaliteit aanbeveel. Sodanige terapeut hoef hom nie net tot een tehuis of selfs tot tehuise te beperk nie maar kan selfs bejaardes in privaatwonings bereik. Hierdie studie is beperk tot die ouderdomsgroep bo sewentig jaar omdat hulle om verskeie redes self min lees, maar voorleesterapie kan waarskynlik ook sterk aanbeveel word ten opsigte van bejaardes wat buite hierdie ouderdomsgroep val.

Die volgende navorsingsgebiede lê braak en behoort aandag te ontvang:

- a) Voorleesterapie op bejaardes jonger as sewentig jaar.
- b) Voorleesterapie as voorbereidende terapie tot selfleesterapie vir bejaardes.
- c) Selfleesterapie met die bejaarde.
- d) Die analise van die munisipale struktuur om deelydse of voltydse terapeute vir bejaardes op te lei en aan te stel.
- e) Munisipale en / of provinsiale betrokkenheid by biblioterapie met die bejaarde met spesifieke verwysing na die uitbreiding van hierdie diens tot alle taal-, kultuur- en rassegroepe.

BYLAAG

VRAELYS

- Vraag 1: Word julle eensaamheid verlig?
- Vraag 2: Van watter verhale het julle die meeste gehou?
- Vraag 3: Het die geraas tydens die sittings gepla?
- Vraag 4: Het die voorleser op die mees geskikste tyd gekom?
- Vraag 5: Moes die voorleser meer keer per week gekom het?
- Vraag 6: Was die sittings te lank?
- Vraag 7: Is die verhale verstaanbaar?
- Vraag 8: Gesels of dink julle oor die verhale as die voorleser weg is?

LIBRARY THERAPY WITH THE ELDERLY - AN EMPIRICAL ANALYSIS
BASED ON SELECTED CASE STUDIES

Abstract

Objective of study

Research regarding library therapy with the elderly has conveyed that few scholarly empirical studies address this topic and that little attention is given to the growing social phenomenon of lonely elderly persons so that problem-solving practices can be instigated.

This study uses as point of departure the fact that elderliness is an inevitable process to which all members of society are potentially exposed. Elderliness in its turn often and frequently leads to loneliness and even depression.

The objective of this empirical study is to assess whether literature and library therapy could be valuable to the ease loneliness.

Method of study

The study commences with an analysis of literature relevant to the topic, the purpose of which is to establish the actuality and necessity of the study. Since no significant research is conducted in the Republic of South Africa at the time of this investigation, an empirical study is undertaken to assess the effectiveness of library therapy as a means of dealing with loneliness amongst the elderly. In addition, a limited but sound data-base is established, and policies and practices of the Provincial

and Public Library Services regarding the provision of literature to the elderly are also investigated.

The elderly of a specific geographic area, namely those residing in the Rusoord home for the elderly in Verwoerdburg are involved in an empirical investigation. The selection is made to include persons above the age of seventy of sound mental health. Over a period of three months, selected literature is read by the researcher to a group of elderly people, and response to the therapy is measured by

- (i) extensive note-taking and
- (ii) tape-recordings.

An unstructured questionnaire is also implemented to verify empirical data.

Findings

Empirical data as well as the unstructured questionnaire confirm that library therapy does contribute to the alleviation of loneliness amongst the elderly.

The selection of literature is important insofar as the general interests, norms and values of the individual are observed.

Vital to the success of this therapy, however, is the physical presence of the library therapist.

Municipalities should therefore become involved in library therapy with the elderly and possibly create permanent positions for library therapists so that more and quality time can be spent with this growing segment of society.

BIBLIOGRAFIE

- BAKKES, M. 1987. Brood en klip. Pretoria : Daan Retief. 223p.
- BERWING, R. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.
- BLIGHT, C. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.
- BOTHA, L. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.
- DE ROUBAUX, R. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.
- DE SOUZA, S. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.
- DICKSON, M. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.
- DU TOIT, S. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.
- GAEV, D.M. The psychology of loneliness. Chicago : Adams PRESS. 160p.
- GOUS, 1982. 'n Onderzoek na voorbereiding vir aftrede. Bloemfontein : Dept. Bedryfsielkunde. Afdeling Personeelnavorsing. 30p.
- GROVE, A.P., samest. 1973. Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns. Kaapstad : Tafelberg. 267p.
- HEWES, S. 1989. Skiftelike mededeling aan outeur. Verwoerdburg. (Dokument in besit van outeur.)
- HORN, K. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.
- LAKE, T. 1980. Eensaamheid. Pretoria : Daan Retief. 77p.
- LESTER, A.D. & LESTER, J.L. 1980. Understanding aging parents. Pennsylvania : Westminster Press. 120p.
- MALAN, S. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.

MARGOW, R. 1988. Grootmense en hul ouers. Kaapstad : Human & Rousseau. 166p.

MULLER, E. 1979. Van eensame mense. Kaapstad : Tafelberg. 102p.

MULLER, E. s.a. Die vrou op die skuit. Kaapstad : Balkema. 175p.

NIENABER, J. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.

NUFFIELD FOUNDATION. 1947. Survey committee on the problems of ageing and the care of old people. London : Oxford University Press. 202p.

OLIVIER, H. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.

OTTEN, J. & SHELLEY, D. 1976. When your parents grow old. New York : Funk & Wagnall. 298p.

PIENAAR, T.C. 1987. Twee paaie. Pretoria : Makro. 493p.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS. 1987. Die blanke bejaarde in die Republiek van Suid-Afrika. Potchefstroom : Dept. Geografie. 28p.

RAAD VIR GEESTEWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1977. Social isolation, loneliness and normlessness among older persons. Pretoria : RGN. (S-N-98). 22p.

RETIEF, H.J.M. 1971. Biblioteekdiens aan bejaardes met besondere verwysing na Pretoria. 215p. (Proefskrif (M.Bibl.) - PU vir CHO).

RETIEF, H.J.M. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Verwoerdburg.

RGN

kyk

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

SITA. 1990. Uit juffrou se dagboek. Pretoria : Daan Retief. 206p.

STANDER, B. 1975. Ek en my kinders. Kaapstad : Tafelberg. 93p.

STRYDOM, H. 1978. 'n Verkenning van die toepassings moontlikhede van maatskaplike groepwerk by dienssentrum vir bejaardes. 350p. (Proefskrif (D.Phil.) - Pretoria).

STRYDOM, M. 1973. Die opvatting van en die houding teenoor ouderdom. 346p. (Proefskrif (D.Phil.) - PU vir CHO).

THERON, J. 1987. Oupa wil bemin en ander verhale. Pretoria : Daan Retief. 161p.